

TYDSKRIF VIR LETTERKUNDE



IN HIERDIE UITGAWE


- *Pêrels vir die Swyne* — A. de Vries.
- *Japie se Rykdom* — J. N. Bouwer.
- *Drammatico* — H. Verster.
- *Die Een en die Ander* — R. v. H. Daneel.
- *Ballade van 'n Woestyn* — Jac. J. Brits.
- *Die Eerste Keer* — Daudet
(vertaal deur André Brink).
- *Mev. Simons-Smees as Toneelskryfster*
— B. le Roux.

Gedigte.

Boekbesprekings.

JAARGANG 7 NOMMER 2

JUNIE 1957



Sat van gewone vakansie?

Slaan dan dié keer 'n nuwe koers in en ontdek mooi Suid-Afrika. Die Spoorwegpadvervoerdiens reël toere van al die hoofsentrums af na die mooiste dele in ons land. Maak nie saak waar u woon, watter ryding u verkies, wanneer of waarheen u wil gaan nie, daar's 'n toer wat by u vakansietyd en beursie sal inpas. Besoek u naaste Spoorwegreisburo. Hulle sal u volledig inlig oor die talle toere, sorg dat al u reisreëlings in die haak en u hotelverblyf agtermekaar is. U plaaslike stasiemeester is ook 'n Reisburoverteenvoerder.

S A S

TREINDIENS • PADVERVOERDIENS • REISBURO
VZ002708M

TYDSKRIF VIR LETTERKUNDE

Kwartaalblad van die
AFRIKAANSE SKRYWERSKRING



Redakteur: C. M. VAN DEN HEEVER



Letterkundige Adviseurs:

D. F. MALHERBE

H. A. FAGAN

P. C. SCHOONEES

W. A. DE KLERK

M. S. B. KRITZINGER

B. KOK

Administrasie:

PROFESSOR ABEL COETZEE

Posbus 1176 Johannesburg

Intekengeld: 20/- posvry



JAARGANG 7

NOMMER 2

JUNIE — 1957

***Tyd is vir ons meer kosbaar as wat
dit vir ons grootvaders was***

Om tyd te spaar, open 'n rekening
by die Nederlandse Bank van
Suid-Afrika Beperk.

Flinke en doeltreffende bediening
wag hier op u.

SPAAR TYD — SPAAR GELD BY

NEDERLANDSE BANK
VAN SUID-AFRIKA BEPERK

(Geregistreerde Handelaar)

Werk Reg Met U Geld En U Geld Sal Reg Met U Werk

Inhoud

	<i>Bladsy</i>
PËRELS VIR DIE SWYNE, A. de Vries	5
DIE DUINE OOR, Uys Krige	14
OESLIED, Hölty (Vertaal deur S. J. du Toit)	15
JAPIE SE RYKDOM, J. N. Bouwer	16
DRAMMATICO, H. Verster	22
DIE EEN EN DIE ANDER, R. van H. Daneel	30
GEDIGTE, (1) Jan Schepens	38
(2) Earl Martin	43
BALLADE VAN 'N WOESTYN, Jac. J. Brits	45
DIE EERSTE KEER, Daudet (Vertaal deur André Brink)	57
MEV. SIMONS-SMEES AS TONEELSKRYFSTER, B. le Roux	62
BOEKBESPREKINGS	68

Foto's: Professor Dr. M. S. B. Kritzinger

Professor Dr. D. F. Malherbe.

MET TROTS

GERMANICUS

N. P. VAN WYK LOUW 17/- (posgeld 9d.)
'n Siening van die Christusfiguur? 'n Dramatiese held in 'n
worstelstryd tussen selfbelang en innerlike ongeskondenheid?
'n Lafaard? Van Wyk Louw se skitterende skryfstyl en al
hierdie botsende strome maak dit volgens meer as een
gesaghebbende die grootste versdrama in Afrikaans.

VERGELEGEN

D. J. OPPERMAN 16/6 (posgeld 9d.)
Nog 'n treffer uit die pen van 'n Hofmeyer-pryswenner.

DIE NOOIENSUIL

MIKRO 13/6 (posgeld 9d.)
'n Genotvolle bundel skets-nouvelles ingelei deur die bekende
Mattewis en Meraai.

STEENBOK TOT POOLSEE

PETER BLUM 15/9 (posgeld 9d.)
Die werk het aan hierdie jong digter die Reina Prinsen Geerlig-
prys besorg.

DIE AFRIKAANSE LETTERKUNDE VAN AANVANG TOT HEDE

deur ROB ANTONISSEN 20/- (posgeld 9d.)
Deur ons oorgeneem van H.A.U.M. en voorwaar onmisbaar vir
dié van u wat die Afrikaanse Letterkunde op die hart dra.

DIE MAN MET DRIE GESIGTE

H. O. MEISSNER 13/3 (posgeld 9d.)
Richard Sorge, die man wat agter die skerms gespeel het met
die grootste leërs wat nog ooit in die geskiedenis teenoor
mekaar gestaan het. Dis vertaal in die meeste tale van die
wêreld en word as die aangrypendste spioenasieverhaal van
ons tyd beskou.

NASIONALE	BOEKHANDEL	BEPERK	
Parow	Johannesburg	Bloemfontein	Port Elizabeth
Posbus 119	Posbus 9898	Posbus 1058	Posbus 95

Pêrels Voor Die Swyne

A. DE VRIES

Net soos jy die dorp inkom, stap regs, met die ongeteerde straatjie langs; aan die onderent van daardie straatjie bly Alie Winter. En as jy verder verneem na die familie, kom jy agter dat daar net een ander Winter-huisgesin in die omtrek is — op Doringlaagte. Dis Alie se jonger broer, Stefaans, en sy vrou, wat daar bly. Hy het die plaas na sy pa en ma se dood geërf en van toe af boer hy daar.

Eers was dit hy en Alie — sy het vir hom huis gehou, voordat hy getroud is. Maar nadat Faantjie getroud is, wou die brood nie bak nie. Vandag was dit hierdie ding en môre 'n ander ding; en as 'n mens sien twee goed wil nie langs mekaar deug nie, moet een uitgeskoffel word. Òf sy òf Faantjie se vrou moes trek en — nou ja — op die ou end het sy maar ingewillig om in dorp toe te trek.

Faantjie het die huis, wat in die vanmelewe se dae 'n tuishuis was, netjies laat regmaak; laat verf en nuwe deure laat insit, waar die oues nie meer van die beste was nie. Alles is presies op die patroon geknip wat Alie gekies het. Maar dan was sy ook soms nog met haar eie keuse nie tevrede nie. Hulle wil haar net van die plaas af weg hê en nou doen hulle enige ding, net om haar daar weg te kry, het sy leedvermakerig in haar mou gelag. En sy het goed daarvan gebruik gemaak! Die gedagte het so 'n ietsie van 'n warm gevoel hier binne gebring en sy het nie omgee om dit tyd om tyd voor haar broer se kop te gooi nie. En wat sy op so 'n manier gevra het, het sy gewoonlik gekry.

Onvoldoenlik was sy in daardie dae soos min. Miskien was dit omdat sy besef het dat sy van die plaas moes weggaan en miskien het sy ietwat van 'n verstoteling gevoel. Faan het alles met geduld aangehoor en sy bes geprobeer om sy ou suster met sy vrou te versoen, maar verniet.

En nou bly Alie op die dorp en almal ken haar as die oujongnoui-suster van Stefaans Winter, wat nog tyd om

tyd vir haar groentetjies en vleis, meel, en sommer van wat daar nog is, van die plaas af inbring. Sy het byna nooit nodig om lewensmiddele te koop nie en sy bekommer haar ook nie die minste nie, want die winkelmense is vir haar almal ewe skelm.

Vanoggend juis het Stefaans vir haar 'n boud vleis ingebring. Eintlik wou sy 'n blad gehad het, maar sy moet maar vat wat sy kry. So gaan dit as hulle die dag slag.

„Hoe gaan dit met die Smitte oorkant die rivier? — hoor mos ou Nortjee, wat voorman is daar by hulle moet met die ding aan sy lip Kaap toe gaan. Dis wat ek ammeliedeur sê, Stefaans: die kwaad kan so diep sit as wat hy wil en die hart kan hom vergeet het, maar hy kom uit. Dit is niks anders nie — dis net van daardie keer . . .” Sy knik betekenisvol met haar kop en gooi die koffie terug in die kan, omdat sy sommer met die uitval gesien het die goed het nie sterk genoeg getrek nie. Stefaans is nie gewoond aan koffie nie — hy drink koffie en daardie vrou van hom . . . skinder mag jy nie, maar jy kan dink wat jy wil . . . Kyk hoe lekker kuier Stefaans vanoggend hier by haar!

„Mmm . . . Nee, dit het goed gegaan toe ek hulle laaste gesien het. Hulle is eergister al met Nortjee Kaap toe.” Sy skoene werk op en af en hy tik-tik met sy pyp, wat hy aan die steel het teen sy uitsteek kniekop, wat geëlm-boog oor die ander been lê.

„Maar 'n mens kan nie sommer so 'n ding sê nie. Ons weet nie of dit waar is nie en dis niks anders as laster nie. En hoekom moet dit nou juis aan sy lip wees?”

„Ek sê mos vir jou!” Alie stoot die koppie met 'n gebaar oor die tafel, asof sy iets groots ontdek het.

„'n Mens moet nie sommer so enigiets van jou ewemens staan en glo nie. Soos ek die vrou ken, is sy goed en ek gaan nie sommer enigiets van haar glo nie . . .”

„Jy kan glo wat jy wil, maar ek sê mos nou vir jou! . . .” Alie eindig haar relaas.

Sy spoel die koffiesak uit, nadat sy vir haarself ook geskink het en maak die vuurherd weer netjies skoon voor sy kom sit en saamdrink. Sy sien darem met welgevalle hoe Stefaans die koek wat sy gebak het eet, toe ook nog aan die beskuit, wat die vrou oorkant die straat vir haar gestuur het.

„Hoe smaak die koek? Jy kry seker ook nou sulke lekker goed by die huis dat jy nie meer aan jou ou suster se goedjies sal peusel nie,” teem sy in — stroomop teen wat sy sien, net om te hoor wat hy sê.

„Sarie bak lekker koek, maar hierdie is darem ook lekker.” Hy neem nog ’n stuk koek en sê toe: „Sy het gesê groete en gevra hoe dit met jou gaan en wanneer jy weer vir ons kom kuier?”

Alie antwoord nie. As daar van Sarie gepraat word, is sy nie te vinde vir baie woorde nie. Die meisiekind het haar so-te-sê uit haar eie huis uitgedryf en dit is nie sommer iets wat bo-op die grond groei nie. Die hele dag wil die vroumens net getof rondloop en sy, wat Alie is, wonder hoe haar arme broer dit moet uithou; sy geaardheid is baie soos hare en dan is hy daarby nog so klein van hart ook. Hy sal liever doodgaan as om iemand anders kwaad aan te doen.

„Ek moet nog in die dorp ook aanry om goedjies vir die huis te kry. Kan ek sommer vir jou ook iets saambring?” vra hy en haak oudergewoonte die kruisbande met die duime na hulle regte lêplek op die skouers.

„Nee, dankie, Stefaans. Ek het niks nodig nie.”

„Nou, maar dan sê ek maar tot siens en dankie vir die beskuit.” Sy soen hom en kyk hom agterna hoe hy in die motor klim en wegry.

Toe is alles weer stil rondom haar en in die stowwerige straatjie, waar die karre nie ry as hulle nie nodig het om daar vir iemand te kom kuier nie. Net die stof van Stefaans se wegtrek lê nog fyn wolkies op die warmte. Die oggendson steek al goed en dit is vir Alie of die blommetjies in die tuintjie ook kop onderstebo hang. Die Jakoppe, so lyk dit vir haar, staan lusteloos en sonder krag.

As sy weer in die voorhuisie kom en die twee koppies neem, om skoon te maak in die ronde kom, wat op die vuurherd staan, voel sy eensaam en dit is net asof Stefaans se kuiertjie nog gehelp het om die gevoel sterker te maak. Sy voel krielig en amper uit haar humeur uit. Wat het hulle nou gesels, waar sy nie moes baklei om haar sê te sê nie! En enige mens wil darem na geluister word ook!

Die koppies droog sy stadig af en hang hulle aan die hakkies onder die rakkie, waarop kastrolle en die pan staan. Die een so blinkgeskuur soos die ander. En die hele tyd soek haar gedagtes na iets om oor te tob. Iets om haar darem te laat voel dat sy nie so alleen met al haar gedagtes en al haar gesels is nie — iemand om na te luister en — veral belangrik — iemand, wat na haar kan luister en haar verstaan en saamvoel.

Op die plaas was dit gans en geheel anders. Sy is immers

daar gebore. As sy nie werk gehad het om te doen nie, kon sy na die bure toe oorstap en lekker daar gaan sit en gesels. So op 'n plaas is daar mos altyd iets en iemand om oor te praat. En dit is ook nie sommer elke bakatel se oorstap na die mense toe nie, want daar is werk en dié moet gedoen word. As daar 'n tydjie kom, waarin jy kan gaan stil sit, is jy baie bly en dit is ook so lekker as wat lekker kan wees, want jy het elke ding, wat om jou staan en wat jy kan raaksien een vir een lief. Elke ding pas net in die plekkie, wat jou gedagtes en jou oë al deur die jare daarvoor ingerig het en die kleinste veranderinkie is om raak te sien.

Hier op die dorp soek sy na iets en iemand om haar besig te hou en moet tog nie dat dit stil raak nie. Die stilte is leeg. Jy sien net die dinge wat saam met jou van die plaas af gekom het en dit bring wel 'n bietjie warmte, maar dan besef jy hoe eensaam jyself is en die banke en die stoele lyk ingelyks eensaam en uit hulle plek uit. Leeg — alles — dolleeg . . .

Die middag trek sy haar nuwe rok met die hoë kragie aan en stap met die ongeteerde straatjie langs, oor die geteerde hoofweg en weer in 'n stofstraatjie langs. Hans en Henna het ook ingetrek dorp toe en dit is 'n skande dat sy hulle nog nie eens gaan besoek het nie. Sy dink ook maar hulle het in daardie huis, met die traliewerk voor ingetrek, want sy het nou die dag 'n vragmotor met huisraad daar gesien staan. Eintlik moes sy eers vir Stefaans gevra het, want netnou is sy by die verkeerde huis.

Met die paadjie langs stap sy stadig na die voordeur toe en probeer kyk of sy nie kan agterkom of daar iewers van Henna se goed buite hang of miskien Hans se streephemp nie; maar sy moet maar stap tot by die voordeur en klop. Sy staan nog so toe sy haar fout agterkom. Sy wou sommer dadelik wegstap, maar toe hoor sy iemand buite aankom. Henna was altyd op die plaas die leidster van die vrouebiduur en Hans was lank in die kerkdiens en hulle sal nie aan allerhande soorte bygelowe glo nie. Hier hang juis 'n perdeskoen voor die deur! Sy weet baie mense maak so. Dit is 'n ou geloof dat geeste nie in 'n huis inkom waar 'n perdeskoen hang nie. Alie kriewel by die gedagte.

Maar net toe gaan die deur oop. 'n Ou kleurlingbediende met klein geel tandjies en ongemaklike plomp bewegings nooi haar binne.

„Nee . . . nee, ek is jammer . . . ek is by die verkeerde huis. Ek soek eintlik na mense wat ek ken en . . . !” Alie weet nie

mooi hoe om te handel nie. Die toeval, of is dit die dooi ongeluk, het haar darem sommer vandag skeef oor die nek gekap.

„No . . . no . . . come inside . . . toe net 'n paar minute . . . Ek kom nou!” Alie kyk by die bediende in die deur verby en sien 'n ou vrou praat-praat met 'n fyn hoë stemtoon in die gang afkom. Sy het nog haar kamerjas aan. Die bediende wys Alie die weg na die sitkamer toe en verdwyn toe. Alie kry die kans om rondom haar die wêreld te bekyk. Die sitkamer is smaakvol gemeubileer, alhoewel Alie nie baie van die plek hou nie. Die matte en die gordyne is alles so swaar en dit voel af dit alles sommer bedompig wil maak. Die goed moes seker darem almal baie duur gekos het, want selfs in die swak lig (die bediende het nie die venster verder oopgemaak, as wat dit was toe hulle ingestap het nie) kan sy sien dat elke ding van die heel beste is. Sy weet darem hoe dit by ryk mense lyk, want toe sy nog 'n klein dogtertjie was, het hulle altyd met nagmale ingekom dorp toe en by die predikant in die huis lyk dit amper net so. Toe kom die vrou binne.

„Sorry . . . sorry . . . ek het jou so lank alleen laat sit en wag . . . I am so glad jy het gekom, want o, my dearie, ek het ook maar net in die week hier ingetrek en . . .” sy vroetel nog met albei haar hande agter haar kop, waar 'n klomp penne kruis en dwars deur die bolla gedruk is, „ek het nog niemand eers ontmoet nie . . .”

„Ek het eintlik eers gesoek na mense . . .”

„Ag, that's nothing . . . jy kuier nou eers 'n rukkie hier by my en dan kan ons lekker gesels . . . Ek voel ook al ek moes die mense leer ken het, maar met die trekkery . . . you know . . .”

„My naam is Alie Winter . . .” sê sy en staan op om die vrou die hand te gee, want wie kan dan nou sommer begin gesels as jy nog nie eens die mens, met wie jy praat ontmoet het nie.

„Ag, ek het skoon vergeet . . . sê sommer Susan. All my relatives . . . jy weet . . . hulle noem my maar almal so . . .” Die vrou steek net haar hand uit, maar staan nie op uit die diepinsak-stoel nie. Alie gaan sit weer.

„Dan moet jy my ook sommer Alie noem . . .” Die kant-sakdoekie word om en om gefrommel en heen en weer. Tog voel dit vir Alie asof daar 'n eienaardige rustigheid van Susan af uitgaan. Sy kan so lekker en so sonder om te dink praat en sy voel ook nie ongemaklik nie — eintlik is dit darem ook haar eie huis . . .

„Waarvandaan kom u, as ek so mag vra en is u eggenoot ook hier? . . .” vra Alie.

„Ja, ja . . . ag, kind, nee, ek is net alleen hier . . . Jy het seker 'n man en kinders en arme ek . . . Niël wou nie hoor nie.” Sy leun oor na Alie toe, asof sy 'n geheim wil vertel en Alie kan die grimering aan haar gesig sien. Sy wou mos sê die vrou wil al jonger lyk as wat sy regtig lyk as 'n mens mooi kyk. Nou sien sy eers hoe die vrou se gesig opgemaak is. En toe sy nader kom, kan sy eers sien hoe oud Susan in werklikheid lyk. 'n Regte mismaaksel.

„And you know, dearie . . . ek het vir hom gesê, maar hy wou nie hoor nie . . . Hy het hom morsdood gedrink! Morsdood!”

Die praat so onder die ore deur, asof Susan bang is dat sy sal hoor wat syself sê, alles het nou 'n eienaardige uitwerking op Alie. Sy wou eers sommer vlug, maar nou sien sy die vrou het swaar gehad in haar dae, dit is daarom dat sy haar so moet opmaak. En sy praat so vertroulik. Sy is regtig vriendelik. „Ek is ook nie getroud nie . . . Ek het eers op die plaas gebly en . . .” Alie vertel die hele storie en Susan luister met eerbied, voeg net nou en dan 'n woord van afsku en meegevoel tussenin en dan is dit gewoonlik op Engels. Dit laat Alie op haar gemak voel en lus om te gesels.

„Now that's wat I always used to say . . . sulke jonggetroudes . . . my dear! Hulle dink mos nie aan ons ou mense nie. — Lat ek jou vertel what happened to *me* . . .”

Dat 'n mens in so 'n kort rukkie so lekker kan sit en gesels, het Alie in haar dag des lewens nooit aan kon dink nie. Eers laat Susan vir hulle tee maak en die ou bediende bring dit in; stap dan lomp en waggelend by die deur uit.

„She used to be my playmate . . . you know . . . toe ek nog in die huis was en toe ons oorsee was, was sy saam,” verduidelik Susan knipogend.

Oor die koppie tee gesels hulle verder en Susan vertel haar storie. Aan die een kant wens Alie sy wil nie sulke Engelse woorde tussenin gesels nie, want party kan sy verstaan, maar ander weer nie en dit laat haar so 'n bietjie ongemaklik voel. Ag, besluit sy, elke mens het sy eie manier om te maak soos hy lekker kry en dit is nou maar Susan se eienaardigheid. En buitendien is dit ook sommer of Susan die bredie van die twee tale lekkerder gesels as net die een of die ander.

„Jy weet ons het eers op Seapoint gewoon — lovely place — Niël was 'n dokter — medical, you know . . . Maar dit is

nou nog nie die storie nie . . . It's about Charles . . . you know he was my only one — net hy. En Niël wou hom verafgood. Anyway, hy het toe besluit om ook soos sy Vader te word . . . So we decided to send him overseas . . . om daar te gaan study . . . En . . . my dear! . . . toe kom hy mos met die uitlandse meisie terug! Niël wou iets oorkom, maar ek het net vir hom gesê, my dearie, ons kan nie vir hulle kies nie en dis hulle, wat met mekaar moet klaarkom. Well . . .”

Hulle is nog so met die laaste trekkies van die tee besig, want met die gesels, kom daar ook nie te veel kans om te drink nie en Alie wil nie dat haar koppie leeg is voor Susan s'n nie. Dit is nie mooi maniere nie. Altans so het sy altyd geleer . . .

„Listen . . . kry vir jou nog 'n beskuitjie . . . ek mag ook nie eet nie — jy weet die doctor said I shouldn't use any sugar . . . maar wat! . . .

„Maar ek was nog besig met Charles . . . He married that woman en . . . ag . . . ek kan ook nie alles sommer so vertel sonder om te huil nie . . . It was so near to my heart . . .” 'n Klein sakdoekie kom te voorskyn en die oë word afgevee.

„Dit het naderhand so gegaan . . . I couldn't *stand* it any longer. Jy weet, dearie, hulle het toe by ons in die huis kom bly — het ek jou gesê? Well, Charles . . . wat kon hy doen? . . . Dit was een 'party' op die ander — and you know what she used to say to me? . . . Sy het in my gesig gesê dit is my skuld dat Niël begin drink het . . . because she heard others say — verbeel jou, ander het vir haar gesê . . . dat ek met ander mans rondgaan en dis daarvoor dat Niël so begin drink het. En sy het toe gesê Charles moes kies . . . en arme Charles — hy was in daardie dae ook al so teen my. I think she told him too, jy weet . . .”

Die sakdoekie kom weer te voorskyn en hierdie keer kan Alie sien dat die vrou darem regtig huil. Sy het darem ook al so swaar gekry op haar dae dat dit nie 'n wonder is dat sy sommer so maklik soos een wat uie skil kan huil nie.

„Ja,” sug Alie, „So is dit maar . . . ek moes ook van die plaas af weg, mevr . . . Susan. Ons twee kon nie langer daar saamboer nie. Sy het die lewe na g'n kant toe vir my probeer aangenaam maak nie.”

„Yes . . . yes . . .”

Toe het die gesels sommer skielik, asof albei na iets anders luister, opgehou. Elkeen dink net aan die ander en aan sy eie moeilikhede, wat nou weer hier so oopgekrap is.

„En jy het nooit 'n kêrel gehad nie . . . Haai, I Shouldn't ask that! . . .” sê die vrou jammerhartig. Alie deins 'n

oomblik terug, maar toe sy die vrou se jammerte hoor, is dit sommer vir haar asof daar iemand is wat sal verstaan en sy gee nie om om te vertel nie. Iemand, wat ook deur sulke diep waters gegaan het, sal verstaan . . . Sy vertel. Sy diep die dinge op, waarvan sy al lank al nie meer vir haarself rekening gee nie . . . gedagtes, wat ver en amper nie meer gedagtes was nie, maar so met die vertel groei al die ou verlanges weer en die vergete gevoelens begin weer krap. En tog . . . tog voel dit anders as in daardie dae. Dertig jaar is ook nie dertig dae nie. En so met die tyd leer 'n mens dat die sommer-so-gebeurlikhede van elke dag oor daardie gedagtes loop. Alie dink aan die stof oor die ou eikehoutkis op die plaas. So voel sy nou — ten spyte van die praat daaroor. So aan die begin van die vertel het iets hier binne gesê sy moenie. Maar dit het verwater en naderhand het daar niks meer oorgebly om haar te hinder nie.

„And you really loved him, my poor child . . . Ek weet . . . Ek weet hoe dit gaan. Met my en Niël was dit net dieselfde. In spite daarvan dat hy so gedrink het . . . daar was niemand soos hy nie. Die ander was sommer net . . .” Sy moes besef het dat sy te veel inkleur en vervolg vinnig: „Just Charles . . . Hy was netsoos sy Dadda en netso fyngevoelig . . . Die kleinste dingetjie . . . the smallest thing was enough to hurt him. En hy het tog nie maklik vergeet nie.”

„En nou het jy ook niemand nie . . .”

„Not a single soul . . . En dit is nog op die vreemde plek ook. Maar ek is darem bly ek het jou ontmoet.”

„Dankie,” sê Alie en sy voel die vrou se eensaamheid op daardie oomblik amper so sterk aan as haar eie.

„Ek bly net hier in die straat af. Net oor die hoofstraat en dan in die straatjie af, wat nie geteer is nie. Die vierde huis met die tuintjie voor is myne . . . Jy sal sommer sien.”

Sy staan op om te loop en die lang, swart Sondagsrok val in baie plooië tot om haar dun beentjies met die wollerige kouse aan.

„Jy moet vir my ook kom kuier.”

„We are both alike — net eenders. Ons is albei so alleen. Ons albei kan so lekker gesels.” Susan praat nog altyd sag en vertroulik, asof sy bang is dat iemand anders sal hoor toe hulle die trappe afgaan.

In haar eie huisie het Alie vir die eerste keer in 'n lang tyd dié middag aandagtig na die portret van die plaas bokant haar bed gestaan en kyk, terwyl sy haar uittrek. 'n Rondloperafnemer het dit eendag — net die deeltjie met die huis op — afgeneem. Terwyl sy daar staan en kyk, is

dit vir haar asof sy die hele plaas hier in haar dorpshuisie se kamer kan sien. Sonder om daarvan te weet, staan sy lank so en dit is stil rondom haar, maar daarvan is sy nie bewus nie.

Die horlosie in die voorhuis sleep en slaan dan een kort slag. En toe die vol klank weggesteef het, het sy vir die eerste keer van die stilte bewus geword. Sy was alleen. Net sy, wat Alie Winter is. — Weg van die plaas af en weg van Susan.

Sy trek stadig uit, dink-dink, en hang die rok in die kas waar baie ander — sy het die helfte nog nie eens aangehad nie — hang. Sy pak alles sorgvuldig weg waar dit moet wees, maar toe dit klaar was het sy — nouja, sy het nie presies geweet *hoe* sy voel nie. Tog het daar 'n eenaardige gevoel in haar bors gekom as sy aan Susan dink. Sommer die hartuit gesels met dié wildvreemde mens . . . !

Alie trek die tafelkleedjie op die spieëlkas reg en gooi 'n vuurhoutjie uit die blaker in haar bakgemaakte hand — staan 'n hele ruk na die stukkie hout en kyk sonder om dit self agter te kom.

Die Bybel lê eenkant op die tafeltjie voor haar bed en miskien is dit omdat sy netnou so na die kiekie van die plaas gekyk het dat haar pa se stem duidelik in haar ore klink, waar hy in die Bybel lees — iets van „Pêrels voor die swyne.” Miskien is dit haar eie gewete wat met haar pa se stem praat.

Want koud en leeg het sy gevoel, terwyl sy só staan. Hoe wyd oop en vaal het haar diepvertroetelde gedagtes nie op daardie oomblik gelê nie . . .

Uys Krige

DIE DUINE OOR

AAN C. M. VAN DEN HEEVER

(Met dank vir O Koele Waters van die Spruit . . .
en soveel ander gedigte.)

Die duin waarteen ek opstap is één wit steilte teen die horison.
Hier regs die berg, geweldig — en op sy spits die son.
In dié verlatenheid van berg en duin voel jy jou eensaam,
byna verlore.

Maar nou's ek nie alleen meer, kyk, hier voor my lê die spore
van 'n kaalvoetkind, asof so pas getrap, mooi oop en bloot,
dié van 'n seun: die groottone is werklik groot.
Hul loop pylreguit na dié hoë bleekblou winterkim.
Die sonlig lê so wit soos stuifsand oor die wêreld . . .
Ek klim en klim.

Blou, berg en reuseduin, geen huis, geen mens, net ek en hierdie spoor
Ek volg hom teen die duin op, óp en oor.
Dan, skielik, ruis twee oseane in die oop skulp van my oor.
Iets sing ver weg in my. Aan watter strand het jy dié lied
juis so gehoor?
(Wanneer en waar het jy die helder paadjie toe verloor?)

Ek sak die blouwit skuinste af . . . Dis of die spore
met my saamstap hand in hand.
Dan loop hulle dood voor dié klein baai, op hierdie harde
nat strook strand.

Is dit wat hulle my wou wys:
dié enkel golfie wat hom krul en val, dan langsamerhand weer rys,
dié seebamboes wat glinster nat swart in die diepblou water?
Klipvissies dryf hier in 'n poel met, onder die rotse in een kant,
'n stil geskater.
(Wanneer het hierdie klipvisglans vir jou verdof?
Heel vroeg reeds? Of veel later?)

Ek buk laag oor die poel. Ek kry die sout seeruiik
van ariekruikels in my neus . . . 'n malgas duik en duik.
Die poel is groener as 'n kokkewiet se lyf.
Die vissies strooi goudstippels waar hul dryf
stil deur die glashelder water. Nou dryf daar met
hulle saam ou-ou gewaarwordinge. Net
hulle lê te diep, te ver. (Hoe vang jy hul?
Met watter aas? Met watter net?)

Die bries oor my gesig is soos 'n vriend se hand, vertrouelik en koel.
 Daar bloei 'n vrede in my oop selfs stiller as dié spieëlgladde poel.
 Wie luister nou, skroomvallig, na dié soet geskater?
 Wie staar, verwonderd, na my op uit hierdie rimpellose water?
 Wie is nou een met son en strand en see en wind?
 Ek self? Die seuntjie wat ek was? Of daardie kind?

Oeslied¹

(Hölty)

(Vertaal deur S. J. du Toit)

<i>Sekels skal,</i>	<i>Op die oesfeesmaal,</i>
<i>Are val,</i>	<i>Eet saam uit een skaal</i>
<i>Onder sekelslag;</i>	<i>Boer en arbeidsman.</i>

<i>Die hoed van elke nooi</i>	<i>Hans en Gieljam</i>
<i>Is blomblou getooi;</i>	<i>Draai die wiel saam,</i>
<i>Blydschap vul die dag.</i>	<i>Fluit en slyp met lus.</i>
	<i>Maai, en dan begin dit,</i>
<i>Sekels blink,</i>	<i>Gerwe, meisies bind dit,</i>
<i>Liedjies klink</i>	<i>Bind dit sonder rus.</i>

<i>Bo die sekels slank,</i>	<i>Almal korswel,</i>
<i>Tot die maanlig witter</i>	<i>Almal gaan hul</i>
<i>Oor die stoppels skitter,</i>	<i>Nooientjies netnou vra.</i>
<i>Ooslied bly en blank.</i>	<i>Na die kanne leeg is,</i>

<i>Alles spring,</i>	<i>En geniet die vreug is,</i>
<i>Alles sing,</i>	<i>Huis toe en hoera!</i>
<i>Wat maar lispel kan,</i>	

¹ Toe Staring (1767-1840) sy bekende *Oogstlied* (1820) — Sikkels blinken; sikkels klinken; ruischend valt het graan, ens. — geskryf het, het by hierdie *Erndtelied* (1775) van Hölty (1748-76) in gedagte gehad.

Japie Se Rykdom

J. M. BOUWER

Die suidewind lê oop oor die Sandveld. Deur die kaalgestroopte geelhoutstruike, oor die plat koffiebosse, druis dit aanhoudend eentonig.

In die groot pad wikkel die klein, skraal figuurtjie van Japie af. Hy het die wind van agter. Dit span sy kakie broekie en dunnerige baadjie glad oor sy smal boudjies en ruggie. Net nou en dan glip dit agter onder die baadjie in en bol dit uit soos 'n ballon en dan gryp Japie maar weer vas voor. Dis darem te ysig koud as dit so deur die dun hemp aan 'n mens se blaaië vat.

Japie trek sy hoed vas oor sy kop tot oor sy ore. Dit maak die ore 'n bietjie warmer. Sy hande kan hy darem sulke kort rukkies in sy sakkie steek, maar 'n mens kan ook nie so 'n ver pad pal met die hande in die sakke loop nie. Sy neus moet maar uithou. Kort-kort moet hy egter so 'n nattigheidjie met die sakdoek weggee. Hy kyk weste toe. Die son sit nog net so 'n klein entjie bokant die kim, 'n tolronde rooi son. Dit skyn ook glad nie meer nie, net sommer 'n lewelose rooi oog wat netnou sal toegaan agter die bult. Hulle sê mos dis van al die stof wat in die lug hang dat die son saans hier in die winter só ondergaan. Hy kyk maar weer af in die lang pad voor hom. Ai, dis sommer nog 'n dekselse stuk wat sy treetjies sal moet insluk voordat hy by die huis kom. Hy wonder waar bly Doppies dan. Doppies is die Boesman wat hom altyd by oom ryk Giel Petoors kom haal met die donkiekar. Oom Giel bring altyd vir Japie met sy motor saam van die koshuis af met uitnaweke, maar oom Giel bring hom nooit tot by sy pa se plaas nie. Dis nog drie myl verder, en Pa stuur altyd vir Doppies met die donkiekar. Doppies staan dan ook altyd reg met die kar as oom Giel se motor stilhou, maar vandag was hy nie daar nie en toe het Japie maar in die pad geval met die voet.

Dit het al meer dae gebeur, maar toe het hy nie omgee om te loop nie. Toé was dit somer en daar was groot wolke



Prof. Dr. M. S. B. KRITZINGER

wat vir jare lank voorligter op die gebied van ons letterkunde was.

wat die son toegemaak het en die grond was klam en die bosse groen. Die grasse se goue sade het soos die see se skuim in die windjie gegolf en dit was lekker om te stap. Nou is dit koud en die groot pad is so kaal en die bosse is ook kaal, dis net of hulle ook sommer so wegkrimp voor die koue.

Japie kan sommer raai waarom Doppies nie opgedaag het nie. Dis die ou kar. Toe hy laas met die Junie-vakansie by die huis was, het hy alweer op sy pens gelê, die ou kar, met altwee die wiele uit en Pa het hom eindelijk weer reg gesukkel. Hy het seker maar weer gebreek.

Ai, as hulle darem ook nie so arm was nie, dan kan Pa ook 'n blink motor koop en dan hoef hy nie drie myl in die koue te loop as die ou donkiekar steeks is nie. Nee wat, dan sal hy ook mos nie meer op oom ryk Giel se genade huis toe kom nie, Pa en Ma sal hom self op die dorp gaan haal en weer wegbring.

Oom Giel is nou nie sleg nie, en as hy vir Japie en Koert, oom Giel se seun, by die koshuis aflaa, dan gee hy altyd vir Japie 'n sikspens. Koert kry sommer 'n klomp geld, maar dis reg só, Koert is mos oom Giel se kind. Maar hy weet darem ook nie, hy voel maar altyd in die pad met die ryery. Hy moet al die hekke oopmaak, maar dis ook niks, al maak Koert nooit 'n hek oop nie, dis niks, maar oom Giel skree altyd so hard op hom. „Toe, toe jong,” skree hy altyd, „roer jou. Trap jy op eiers?” al draf hy ook hoe vinnig. Die hekke maak ook nie almal ewe maklik oop nie. Dis juis oom Giel se grenshek wat so swaar oopmaak, dit werk met 'n knip en dis stram, veral as 'n mens se vingers so koud is. Vandag het oom Giel juis by daardie hek geskree, „jong as jy nie wil hekke oopmaak nie, laai ek jou nie weer op nie!” Toe het hy seer gevoel hierbinne en skaam. Maar dit was nie sy skuld nie, dis die knip.

As Pa ook eers 'n motor het dan kan hulle ook partykeer so by oom Giel se huis verby swiep sodat daar sulke blink blitse op die nuwe motor staan as die son daarop skyn. Maar Pa sal nie verby oom Giel se huis ry nie. Pa sal altyd eers gaan vra of hy nie vir oom Giel iets van die dorp af kan bring nie. Pa is 'n goeie mens en Ma ook. O, sy is 'n liewe ma, hy weet as hy by die huis kom, sal Ma sê, „kom my kind, kom, hier is warm koffie en gemmerkoekies.” Sy knyp altyd iets af om koekmeel te koop om vir hom koekies te bak as hy huis toe kom. Pa en Ma eet net growwe brood. Maar dis niks, Ma se brood smaak lekker, sulke dik snye met dik botter daarop. Pa is nooit suinig met die room

om botter te maak as hy by die huis is nie, al kom die kanne dan ook nie altyd almal vol nie.

As hulle eendag 'n motor het, sal hy ook leer bestuur (hy weet sy pa sal hom leer) en dan sal hy vir Koert tong uitsteek. Hy weet Koert kan nog nie bestuur nie. Hy en Koert kom nie klaar nie. Koert skimp altyd oor hulle armoede. Nou die dag toe hy vir Koert vertel dat hy miskien 'n fiets gaan kry as hy verjaar, het Koert gesê: „aag, jy maak jou verniet bly, jou pa is te arm” en toe het hy gelag, so 'n vieslike lag. Maar hy weet Koert is jaloers op hom. Hy wat Japie is en ou arm Teuns se kind, staan altyd eerste in die klas. Hy en Koert is in dieselfde klas, maar Koert kom altyd net so naelskraap deur. Japie weet al dat hy slim is, maar hy leer ook hard. Hy móét hard leer, dis al waarmee hy Pa en Ma se harte kan bly maak en Pa sê altyd „jy moet nooit daarmee spog dat jy slim is nie Japie, jy moet net die Here daarvoor dankie sê en jou talente gebruik.” Daarom leer hy hard, dit sal 'n skande wees as hy swak werk lewer en die onderwysers sal ook baie teleurgesteld wees. Koert is ook nie so dom nie, maar hy leer omtrent nooit.

Koert rook ook. Hy sal dit nooit as te nimmer vir iemand sê nie. Oom Giel sal vreeslik kwaad wees en hy sal dink dat Japie lieg. Pa sal ook kwaad wees as hy sulke dinge van Koert sê.

Japie beur vorentoe, dis nie meer ver nie. Hy sien al die werf. Daar is die windpomp, die seringe en die huis. Die son is al onder en die wind het gaan lê, maar dis nou bytend koud. Vannag sal dit seker ryp. Die bekende toneel op die werf laat hom sommer weer aan die fiets dink. Dis mos môre sy verjaarsdag en dalk het Pa tog vir hom die fiets gekoop. Maar hy wonder . . . verlede jaar sou hy al die fiets gekry het, maar op sy verjaarsdag het Pa gesê, „ek voel jammer ou seun, maar daar was nie geld nie.” Hy kon sien Pa voel nie lekker nie, hy het sommer lank deur die venster gekyk en toe sy arm om Japie se skouer gesit en gesê „miskien volgende jaar.” Nou wonder hy . . . was daar nou geld?

Pa wag al vir hom by die hekkie. Hulle groet en dan val Pa weg: „Ai man, jy's seker moeg. Die donkies het wegge-loop, iemand moes die kamphek laat ooplê het en Doppies kom nou eers met die spul hier aan.” Japie luister net half na Pa se vertelling, hy het tog vermoed dat iets verkeerd geloop het en buitendien, hy is nou tuis en verlang niks meer nie.

In die kombuis druk Ma hom teen haar vas. „Foei, my kind, jy is seker dood van die koue.” Sy skuif ’n stoel voor die stoof. „Sit hier en drink die koffie, ek dek solank tafel. Daar is lekker sop, en weet jy? Ons het die wit vark geslag en ek het heerlike wors gemaak en môre bak ons die ribbetjie op jou verjaarsdag en...” So babbel Ma maar eenstroom deur. Japie drink sy koffie, dis geurig en soet. Ma brand nog self haar koffie met suiker. Hy ruik die wors wat in die pan op die stoof braai. Hy kan ruik daar is naeltjies en koljander in. Onder die eenkant van die soppot se deksel blaas die wit stoom uit, swaar belaaie met ’n uiegeur. Dis darem lekker hier by Pa-hulle en die kombuis is so warm en gesellig. Hy wonder of Koert ook so voor die stoof sit en of sy pa en ma ook so alles vertel wat op die plaas gebeur het. Maar Koert-hulle se kombuis is anders. Al die kaste is nuwerwets en spierwit met swart knoppe. Dit lyk altyd so skoon en blink daar. Maar hier is dit ook skoon en Ma se panne en potte blink ook . . . sy skuur hulle so. Koert-hulle se stoof lyk amper soos een van die kaste wat laag rondom teen die muur gerangskik is. Dis ook wit, die stoof van Koert-hulle, en dis net aan die plate wat ’n mens kan sien dat dit ’n stoof is. Ma se stoof lyk nog soos ’n regte stoof, pikswart en blink en deur die gaatjies in die deurtjie knip die vlamme vir ’n mens oog. Nêe wat, wat maak dit nou saak of hulle arm is? Hy wil wed dat Koert vanaand nie lekkerder voel as hy nie. Ma sê altyd „waar liefde woon gebied die Heer sy seën, daar woon Hy self . . .” Japie dink hy verstaan so iets van hierdie woorde . . .

Eers toe hy later warm onder die komberse lê, (Ma het hom self kom toemaak) begin hy weer dink aan die fiets. Pa-hulle het niks gesê nie, niks nie. Hy wonder en wonder . . . en toe kom maak die slaap sy oë toe.

Japie lê lankal wakker. Hy is daaraan gewoond om vroeg op te staan in die koshuis, maar nou kan hy nog lank lê. Sommer lê en dink. Hy hoor hoe Doppies in die kombuis werskaf met die vuurmakery. Dit val hom by dat hy vandag verjaar en dan kom spook die fiets weer by hom. Sê nou net Pa kom maak die deur oop en stoot die fiets hier na sy bed toe. Hy raak sommer bly . . . miskien het Pa tóg die fiets gekoop. Dit duur ook nie lank nie en hy hoor hoe Pa-hulle se kamerdeur oopgaan, dan gaan sy kamerdeur oop en dis Ma wat inkom met ’n pakkie in die hand. Sy

buk oor, soen hom en druk nog 'n rukkie haar wang teen syne. Uit die hoek van sy oog sien hy die traan op haar wang. Pa kom ook in en soen hom en sê „jy word darem nou 'n groot man jong!”

Japie sluk swaar en nadat Pa en Ma uit is, begin hy stadig die lintjie losknoop. Dis 'n trui, 'n donkergroene wat Ma self gebrei het. Dit sal lekker warm wees met die lang moue. Teleurstelling en vreugde gelyktydig is 'n bietjie swaar vir hom. Hy sal maar opstaan en by Doppies in die kombuis gaan gesels.

Later in die dag, so teen elfuur sit hy met sy knieë hoog teen sy ken opgetrek teen die wal van die kalkklipgat. Hy broei nog altyd oor die fiets. Mōre moet hy weer saam met oom Giel en Koert dorp toe terug skool toe. En die eerste wat Koert sal vra, is of hy sy fiets gekry het. Dan moet hy sê „nee”. Hy sien al die ronde uitgevete bakkies van Koert met die bleek leep-oë en die spotlag. Japie spring op. Nee, nee, hy sal dit nie verdra nie. Wragtag hy sal nie mōre saam met hulle ry nie. Pa moet 'n ander plan maak. Pa kan hom na oom Sybrand toe wegbring, dis vèr, tien myl, maar oom Sybrand is gaaf en Jannie ook. Die trane wil ook nie langer wegbly nie en Japie laat hulle maar loop. Hy hoor 'n dreuning. Dis die roomlorrie, hy moes gister al gekom het. Pa het juis gisteraand gekla dat hy so onreëlmatig die room laai. Japie wil eers wegspring om die roomkanne en goed te gaan help aandra huis toe, maar dan bedink hy hom. Hulle sal sien dat hy gehuil het. Eers toe hy die bus hoor vertrek, stap hy huis toe. Nou, sommer nou gaan hy vir Pa of Ma sê dat hy nie saam met Koert-hulle gaan ry nie. Toe hy nader aan die huis kom, sien hy hoe die Boesmans die kanne aandra, en 'n paar van die groter volk dra 'n kas, dit lyk groot. By die pakkamer verby, hoor hy Pa daarbinne praat en tegelyk aan 'n kas timmer, net of hy planke losmaak. Hy wil eers inloer, maar nou is dit sy kans om met Ma alleen in die kombuis te praat. Hy praat makliker met Ma. Toe hy oor die drumpel trap, sit die knop alweer in sy keel. Hy sluk en toe sê Ma:

„Waar loop jy rond? Kom, hier is tee en daar is koek. Kom eet.”

Dis 'n lekker sjokoladekoek en Ma het vir hom 'n dik stuk afgesny. Ma is so vriendelik en sy gesels aaneen. Hoe kan hy nou sê wat so swaar op sy hart lê? Hy sal maar later . . . later móét hy.

Hy het klaar geëet en staan nou onseker in die kombuis

rond. Die ongelukkige gevoel bekruij hom weer en dan skraap hy sy laaste bietjie moed bymekaar. Nou of nooit . . . voor Pa kom. Hy maak sy mond oop, maar toe kyk Ma verby hom na die deur agter hom en haar gesig straal van vreugde. Hy sien hoe sy vir iemand agter hom knik en hy hoor die sagte skuifeling op die vloer. Hy swaai om, en daar staan Pa en Pa lag breed en Japie weet nie eers of hy droom of wat nie.

Toe sê hy „Pa, O, Pappa!” en hy loop en gooi sy arms om sy pa se nek. Hy wil iets sê maar sy keel voel dik . . . dis blydschap wat so maak. Hy los vir Pa en soen vir Ma ook. En toe begin Japie die pikswart, splinternuwe blink fiets met sy hande streel, en hy dink nie meer aan Koert nie.

Drammatico

H. VERSTER

Die kort en die lang wysters lê amper opmekaar. Tienuur begin ons, tyd dat ons loop. Ek wonder wat haar so trek aan daardie Pierneef: ek vind die mistigheid wat daaroor hang hinderlik, asof mens dit met 'n doek wil afvee om weer helder lyne te sien. Tegnies sal dit ook seker moeilik wees om so'n effek te gradeer, want soos dit nou daar hang is die mistigheid op die voorgrond presies so dik as op die gesigseinder. Hinderlik. Die hoek tussen die wysters begin rek, ek sal haar moet steur. Haar liggaam ruk effens en sy vat selfbewus aan haar gesig. Mooi ligte rooi serp, dit pas by haar rok. Het sy haar instrument? Ja. Haar voete meet sestien trappe voor my uit en elke keer as die regtervoet lig, sien mens waar die hak so effentjies afgetrap is: naïef is sy, naïef met elke trappie op van die galery in die kelder na die straat.

Ek sou my oë wou toedruk vir die skerp lig van die son en my ore vir hierdie kabaal en gefluit en onophoudelike geskarrel van mense en karre, dit lyk of die geboue wieg en buig en buig met elke tree wat ek neem. Maar tog is dit 'n helder skoon dag bo al die opgestawelde broosheid van beton. Die stadsaal en die stywe simmetrie van die palmbome, Suidlanddroom van elke uitlander, vlak voor ons. Waarom sou hulle die stamme met mos bedek en die kunsmatige blommetjies daarop geplant het? Ek dink dis so vals. Maar dan weer as die stamme kaal moes staan met die rye stompies waar die takke afgekap is, sou dit ook onnatuurlik wees. Eerlikheid moet die estetiese seker nie in die pad staan nie, heil dus blommetjies en bly waar julle is! En sy met haar rooi serp en die afgetrapte hak: sy laat mens vergeet van die wêreld van sorg en verantwoordelikheid en onrus — dié onrus — hemel as hulle my ontslaan wat gaan ek doen? Dis gek om net daaraan te dink. En so onwaarskynlik. Hoekom Van Zoon en Belvedere albei persoonlik na Van Huysteen gegaan het, dit was tog sekerlik om hom my pos aan te bied? Almal sê hy's 'n beterspeler as ek, weet dit self. Maar om so 'n ding agter my rug te

doen, die blote idee is te agterbaks en onmoontlik vir woorde. Buitendien het ek baie verbeter in die laaste tyd. En Van Huysteen sou nooit so iets aanneem nie, hy het tog seker eergevoel. En net 'n week gelede het ek al die reëlings gaan tref by die kraaminrigtnig vir Joyce, hoe bevredigend was dit nie om die ou suster so selfversekerd te kon aankyk: ek is 'n man in 'n buitengewone professie met 'n ordentlike salaris. Hoe hang my hele bestaan aan hierdie salaris, hoe weeg Joyce en Anne en die ongebore een soos 'n las op my, hoe is ek verweef in die verantwoordelikheid wat ek self op my gelaai het. Maar dis weer spooksels en geklikheid. Ek sit heelwaarskynlik volgende jaar weer hier en dink dan terug aan nou en al my onwaardige vrees — met 'n glimlag en 'n skouerophaling. Dan noem ek dit die verlede en ervaring.

Die voorportaal van die stadsaal is soggens 'n plek waar alle gekonsentreerde bedrywighede saamgespan word: dit vee en was en ruik na bier van die vorige aand se jolyt. Daar is altyd dieselfde somberheid en afwagting wat heers in die leë saal. Van hier agter sien mens die groepies daar heel voor, vlakby die verhoog, die oopgemaakte instrumentkissies, iemand wat sy strykstok opskroef of poleer aan sy viool met 'n geel lap, en die oopgeslaande vleuel; merkwaardig hoeveel bravade daar skuil in die swierige lyne van 'n vleuel. Natuurlik sit ou Ström alweer die Siegfriedsroep en oefen met die jaartse opgekrulde koper onder sy arm. Sou 'n horingspeler nooit aan iets anders kan dink om te blaas as hy vroeg in die oggend aan die mense wat so rondstaan en maak of hulle nie luister nie en tog luister, wil laat hoor hoe goed sy lippe vanoggend is nie? Ekskuus, daar is darem nog die opening van die Don Juan. So 'n klomp akteurs: die groepies wat luister en nie luister nie en ou Ström wat ongeërg voorgee dat dit hom nie traak of iemand hoor nie, en tog speel vir daardie uitsluitlike doel. Ja-ja, tegnies heet dit opwarm.

Dit lyk of daar vanoggend 'n bietjie moeilikheid is, of opwinding van een of ander aard. Hoekom lyk hulle so verbrands ontsteld en ou Mattie sit alweer eenkant met 'n lang onderlip en 'n brief in haar hand. En oom Nef het ook een. Daar's nog een, en nog een . . . wat de . . . vir my? My naam ewe formeel daarop getik. Hemel tog seker nie sommer so nie; die ander is in die pad gestee en ek moet maar lees: „Ons herinner u daaraan dat u kontrak op 31 Desember verval. Ons bedank u vir u dienste en hoop dat u elders bevredigende werk sal vind.” Geen rede, ver-

duideliking nie, niks, ek moet net elders werk vind. Ek is eenvoudig nie goed genoeg vir hulle nie, hulle het my nie meer nodig nie en ek moet maak dat ek wegkom. Geeneen van die ander in hoofspelersposisies nie, net ek. Natuurlik nie die ander nie, dit kan mens sien aan hulle huigelagtige gesigte en die meegevoel wat hulle probeer wys met die swartskaap. Dis die dank vir al my werk, ure en ure van oefen tot my lippe binnekant bloei, 'n brief, 'n beleefde wit-en-swart brief. As ek nog te oud was soos arme ou Nef of Mattie, maar hel, ek is jonk, in die fleur van my vermoë en nou dit. En om te dink ek het netnou net daarvoor loop en spin, hoeveel erger is die werklikheid tog as die voor-spooksel, al stel jy dit vir jousef ook hoë sleg voor. Wat sal ek vir oom Nef en ou Mattie sê, ek kan sien hulle ver wag dit van my: My innige meegevoel? Dit sê mens by 'n begrafnis. Buitendien moes hulle tog omtrent al aftree. Vernedering smaak goor in die mond. En Joyce! Wat gaan ek aanvang.

So het hy paniekerig met sy gedagteverkerke teen alles vasgevlieg en hom byna liggaamlik verset toe Harry almal bymeekaar roep en die begin van die oefening aankondig. Soos gewoonlik moes hy onderdanig wees, sit en speel asof niks gebeur het nie en reageer op elke beweginkie van Van Zoon se vlugtige stok: Jy staan daar met jou selfvoldane houding en weet van alles niks nie, asof jy geen aandeel het aan my ontslag nie. Waarom kon jy nie self vir my sê wat met my spel verkeerd is nie, wat jou persoonlike grief teen my is nie, want dít is per slot van sake wat agter alles skuil. Jy verkla my by 'n onpersoonlike owerheid om die onaangename taak vry te spring van 'n man reguit te sê: Ek het jou nie meer nodig nie. Almal speel asof dit hulle min skeel dat my hele bestaan om my ineenstort en die dinge my oorweldig.

Hy het lief geword vir die ou muwwe stadsaal met die swaar, stofbedekte behangsels en die versiersels bo teen die dak, die hoë ronde vensters en die skaduwees teen die mure saans as al die ligte verdof is en die gebare van die dirigent grotesk op die dak en die wit wande rondfladder; vir al die vorms en beelde van hierdie besondere wêreld, soos Degas vir die teater met sy ligte, onwerklikheid en die swierige krulle van die kontrabas; vir die grasieuse fatsoen van die harp met die goud wat saans glans en blits om die ronde koepel en die koddige figuurtjies by die voetstuk wat aanhoudend gryns soos maskers of bosgode, en die gekleurde snare, die rooies en geles en

bloues waaroor haar vingers gly — die naiwe een met die rooi serp en die afgetrapte hak. Hy sal haar geselskap en simpatie teenoor hom moet verbeur: Sy verstaan sekerlik en begryp die omvang van my katastrofe . . . hoe streel haar vingers die snare . . .

Sy demp die rooi snare vinnig en sit terug in haar stoel terwyl sy die harp op sy pootjies laat sak. Jammer van die skok wat dit hom besorg het maar hy moes dit tog half-en-half verwag het. Hy sal weer sy voete vind, die lewe stap maar voort. En hy is nalatig met sy frasering.

* * *

In die teepouse skuiwe sy haar harp van die verhoog af sodat dit uit die pad van struikelende voete is, en stap dan huiwerig met die lang gang af na die voorportaal. Sy het 'n hekel aan dié soort ding wat sy nou presies aantref net soos sy verwag het: 'n hele groep mense, opgesweep deur 'n ongelukkige insident wat, wanneer met rus gelaat, môre alreeds vergeet sou wees. Die emosionele aspek van die saak gryp haar aan maar redelik voel sy dat die professionele oorwegings eerste kom. Sy het opgegroeï in die tradisie van respek en onvoorwaardelike aanvaarding en erkenning van gesaghebbende besluite en daar is vir haar geen vrae verder nie. Die stap om hierdie ses mense te ontslaan, glo sy, is nie sonder veel versigtige en deurdagte oorweging en beraadslaging geneem nie, sy twyfel geen oomblik daaraan dat dit gedoen is in 'n poging om die algemene standaard van die orkes te verhoog nie. Daar sit Tonio nou, 'n toonbeeld van opsetlike verontwaardiging en oom Nef langs hom, verslae en baie ná aan trane. Maria staan 'n oomblik. Tonio se openlike toegeneëntheid tot haar amuseer haar omdat sy vermoed dat hy ewe kinderlik die gevoel wedersydig waan. Sy weet vir 'n oomblik nie wat om te sê nie: „Hulle is miskien reg” — sou baie naak wees. „Onreg is gepleeg” — dit voel sy nie. „Ek is jammer” — vaag, veilig en onpersoonlik genoeg, hoewel sy haar sal moet dwing om 'n ongemaklike selfbewustheid te bowe te kom, asof so 'n gemeenplasingheid sal verstar in die lug. Sy gaan sit op die leuning van die bank langs Tonio.

Die voorsitter van die Komitee verskyn en roep die spelers wat nog nie na buite verdwyn het nie weer na die voorste deel van die saal vir 'n kort vergadering. „Dames en here, ons voel almal baie sterk omtrent die onregverdige ontslag, sonder grondige redes, van 'n paar van ons beste en mees ervare lede, wat jarelank hulle goeie dienste aan die orkes gelewer het. Sulke skokkende optrede kan herhaal

word en dan kan enige persoon, u of ek, daaronder ly en die ongelukkige wees wat hom sonder meer uit sy werk geskop bevind. Ons weet almal dat in die geval van hierdie staatsensemble ontslag noodwendig ekspulsie van die hele professie meebring omdat daar eenvoudig geen „elders” is nie. Op een of ander manier moet ons meer sekuriteit eis, of anders ’n verklaring van die owerhede wat daarby betrokke is, voor die hele orkes, van die redes wat gelei het tot die ontslag van genoemde lede. Indien moontlik sal ons moet aandrang op ’n soort van kompromis wat die omstandighede bietjie sal versag, iets soos verskaffing van ’n tydelike heenkome vir die lede. Bowe-al moet ons die versekering verkry dat in die toekoms ’n waarskuwing aan ’n speler gerig sal word wat hom nie op bevredigende wyse van sy taak kwyt nie. Hy behoort ’n tydperk van ten minste ses maande gegee te word waarin hy op die betrokke gebied kan verbeter hetsy gedragtelik of professioneel as sy spel die steen des aanstoots is. En as die klag bloot persoonlik is moet dit ook bekendgemaak word.”

„So iets kan julle tog nie verwag nie. Geen werkgewer staan onder enige verpligting om aan ’n werknemer te verklaar waarom hy hom ontslaan nie.”

„En buitendien sal hulle dit nie waag nie, omdat uitlatings van so ’n aard ongetwyfeld tot ’n hofspraak kan lei en die owerhede sal hulle aan so ’n waagstuk nie blootstel nie.”

„Hulle kan in hierdie geval van hoegenaamd niks beskuldig word nie: elke lid staan onder kontrak vir ’n jaar en dit is hulle reg om die kontrak te hernu of nie. Haastige optrede kan net meer kwaad doen as goed.”

„Ek sou weer dink as die lede eenheid kon toon en byvoorbeeld almal kan bedank uit protes, ons die owerhede mooi onder die duim sou hê, die dirigente sou moes bedank en . . .”

„Laat die vergadering formeel bly, asseblief! Ek vind die laaste voorstel heeltemal onsinnig.”

„Dit is presies wat verkeerd is met hierdie hele Unie en die Komitee. Julle gee voor dat julle ons belange behartig en tog as daar regtig moeilikheid is word óns raad ingeroep. As ons dan iets daadwerklik aan die hand doen en positiewe aksie voorstel trek julle terug.”

„Ons weet ook wat die beperkinge van entoesiasme is en wat ’n witgeskilderde deur met „Geen Toegang” daarop aan dwase rebelle doen. Voorlopig neem ons aan dat ’n onreg gepleeg is, alle lede is dit eens? Ter wille van almal se

toekomstige sekuriteit lê ons 'n versoek aan die owerhede voor dat heroorweging geskenk word aan reeds genome besluite."

Almal drom weer na buite waar Tonio en oom Nef nog steeds sit. „In Europa sou so iets nooit gebeur nie, of tewens in enige goedgeorganiseerde orkes." Dawid, die jong vuurvreter, gaan voor oom Nef staan en beduie met sy hande. „Ek gaan bedank. As 'n ouer, meer ervare en beter speler as ek, soos oom Nef, afgedank word, het ek geen aardse reg om te bly nie." De Silvo staan op en slaan sy hand om Dawid se skouer. Maria kan haar verbasing skaars verberg. Jarelank al praat hulle nie met mekaar nie weens 'n geskil wat ontstaan het oor die tydsverandering aan die einde van die Somernagdroomoverture. Dawid het De Silvo uitgeskel vir 'n verdwaalde ou Kaffee-zigane-speler. En 'n mens is oor niks meer sensitief as juis dit nie en die belediging het ingeslaan vir 'n leeftyd. De Silvo het opgespring, 'n jagmes uitgepluk en Dawid voor die bors gegryp: „Uilskuiken! Ek het met daardie instrument die vroue van Portugal aan my voete gehad toe jy nog jou doek natgemaak het. Vir jou maak ek wragtag nog dood!" En nou staan De Silvo met sy hand op Dawid se skouer.

„Dis die gees, my seun. Dit hoor ek graag: iemand wat nog eerlik is, uh — herinner my daaraan dat ek jou 'n drankie staan as jy klaar bedank het."

Oom Nef het 'n wasigheid in die oë. „Thou hast cast me aside" en al sy geliefde digters en wat hulle gesê het van 'n situasie soos syne, kom een vir een aan die beurt. Arme oom Nef, besef jy nie dat om oud te word die ervaring van meer as een mens al was nie? As jy jouself net van buite kon betrag sou jy dit gou genoeg kon aanvaar. En mens bly lê nie sommer opeens nie, jy hou maar aan wanneer jy op jou wind geslaan is. Die tweede kom gou. En netnou gaan Tonio met sy geliefde intrige-motief en vervolgingskompleks begin, ek weet. Asof die hele belangrike wêreld sy kragte teen hom sou inspan. En hy is parmantig as iemand hom tereg wys en hy fraseer baie onoortuigend en sy intonasie is soms baie suur. Om 'n leierposisie te hou . . . liewe, arme Tonio.

„My maag draai 'n slag om asof ek Galliera op 'n Maandagoggend op die rostrum sien, as ek net daardie slu-ogige slang uit die hoek van my oog opmerk, Maria, maar glo my, nie uit vrees nie: sommer doodgewone mislikheid. Kyk hoe staan hy daar met sy troue trawant, heel-

waarskynlik die oorsaak van die hele gemors en ek stel my voor hy voel goed oor wat hy my aangedoen het. O ja, dié keer het hy goed en ver vooruit gedink met elke skuif wat hy gemaak het. Almal walg aan sy spel en sy persoonlikheid, aan die wyse waarop hy sy ou fluitjie onder die arm vasknyp en aandraf met 'n nuwe smaaklike storie oor 'n kollega. Jy weet daar niks van af nie? My liefste Maria, jy is naïef. Hy is die giftige soort mens wat jou in die see sal drywe as hy nie van jou hou nie. En sy onbeminlike gevoelens teenoor my het nie 'n krieseltjie grond nie: al waaraan ek kan dink is my nabootsery. Maar dit kan geen mens verhelp wat die geringste smaak het vir basiese ordentlikheid in styl nie. Ek haat sy wiegende geslobber oor elke solo-passasie, wat vir hom slegs één ding beteken: Die grote Ek is aan die woord. Dis nogal prettig om te sien hoe mal hy word as ek hom naspeel. Hy trek net sy arms in sy sye vas, staar blind voor hom uit en knip sy oë soos 'n vlieg. Bewustelik reageer durf hy nie — dit sou 'n openlike erkenning van 'n bedekte beskuldiging wees. Hy het dárem eendag vlam gevat, sy stoel omgegooi, met sy voete gestamp en vir my geskree: „Ek sal jou nog kry, jy met jou insinuasies. Ons sal sien wie's die sterkste.” Maar sy invloed is sterk en fataal. Jy weet seker ook nie dat hy oom Nef en ou Mattie nie bra kon veel nie. Hoe lyk dit vir jou? Sulke mense reël dinge nie half nie, hy sal seker sorg dat Van Huyssteen my pos nou kry, vanwaar anders die onlangse heftige vriendskap? Ek is jammer, Maria, ek is vervelig. Ek vertel jou altyd dieselfde dinge oor en oor. Jy besef seker hoe verskriklik ontsteld ek is.”

„Ja, maar . . .”

„Omstandighede en die lewe is kwaai en ons professie is sonder simpatie. Daar is vir my letterlik niks meer oor nie en Joyce is . . .”

„Alles gebeur ten beste, Tonio. Dis 'n primitiewe ou gelofie maar daar steek iets in. Jou uitkyk moet harmonies stem daarmee. Ek het niks anders om vir jou te sê nie.”

„Mariaenjosef! Asseblief, nie slimpraatjies nie, nie nou nie. O maar ek het vergeet: mens se geloof hang natuurlik daarvan af of mens self by die gebeurtenisse betrokke is, nè?”

„Dit geld vir my sowel as vir jou.”

„Ek sal jou mis, Maria.”

„Vriendskap kan jy onthou.”

„Dis nie wat ek bedoel nie, en jy weet dit. Ek vind by jou iets wat ek tevergeefs soek by . . .”

„Dit betaam jou om minstens korrek teenoor jou vrou te wees.”

„Maar die koffiedrink altyd saans na die oefeninge, en . . . Maria!”

„As jy 'n volledige lewensbeeld wil saamstel moet jy verwag om dit met dinge buite jou besit soms aan te vul. Die aanvullende dinge moet jy dan prysgee wanneer dit nodig is, besef dat dit verbygaande was. En tevrede wees met jou eie. Maar die aanvullende, bykomstige dinge, watter is hulle? Watter is basies, dié wat vir my voortbestaan nodig is soos water en lug? Ek het jou nodig, ek is oud en ervare genoeg om te weet.”

„Jou behoeftes verander met die prosesse van volwasseword, maar as jy dwaas of held genoeg was om op 'n sekere stadium te besluit hotkant- of haarkant-toe: jy weet wat ek probeer sê — Ek-vat-hierdie-vrou — moet jy onthou dat met die oormoedigheid waarmee jy ingange deur 'n uiterlike aksie versper het, jy dit ook teen jouself gedoen het. Mens word in ons samelewing nie toegelaat om 'n alte dwase fout te begaan nie. Gaan jy Joyce na haar ma stuur? Wanneer verwag julle die kind?”

„Die gesprek begin pynlik word. Ek probeer manlik wees oor wat vanoggend gebeur het, om dit voor jou altans, te vergeet, terwyl dit knaag in my van vernedering en bekommernis. Moet jy so grof wees?”

„Hou op met dramatiseer, Tonio, en soek die werklikheid.”

Die Een En Die Ander

R. VAN H. DANEEL

Die vroeë oggendlug het deur die wawye vensters ingekom: buite het verdwaalde sneeuvlokkies rondgesweef . . . „God-dank dat dit eindelijk weer dag is. As ek nog so 'n nag moet deurmaak gaan ek oorgee. Ek kan nie meer nie . . . ek kan nie!” Ek het nie eens meer die krag om die komberse van my af te gooi nie, sukkel tussen hulle uit, leun vir 'n oomblik teen die bed voordat ek voor die venster gaan staan en 'n paar keer diep asemhaal — . . . eenkeer . . . tweekeer . . . driekeer . . . tot die laaste druppeltjie asem blaas ek uit my longe uit en probeer daarmee alles van hierdie laaste nag, van hierdie laaste sestig nagte uit te blaas. Tot nou toe het elke oggend vir my huwe hoop en moed gebring; miskien sou dit vandag ophou, miskien sou ek vandag uitvind waarom . . . maar hoe, hoe? Ek het tien uur van daglig, tien uur . . . want as die donker kom sal ek weer uit my kamer moet vlug, die strate in, weg van dit wat daar in my kamer vir my wag. Ek sal moet wegvlug om tot laat in die eensame koue strate rond te dwaal, maar eindelijk sal ek weer moet teruggaan, om te weet . . .

Ek druk die venster toe teen die sneeu en skuif voor die spieël — „God, lyk ek al so, hierdie pap en geboë man?” Ek lê vooroor tot amper teenaan die spieël en met bloed-beskote oë kyk ek na hierdie vreemde gesig; noukeurig ondersoek ek dit soos 'n landkaart, ek behoort dit te ken maar dit lyk so vervalte, so afgeknaagd, hierdie groot dowwe oë, die droë vel lyk soos die vlies van 'n kalkoen se afgekapte poot, my uitgedroogde hare is grys, soos dié van my pa toe hy sestig was. Vol afsku draai ek weg en gaan sit by die tafel, waar alles nog mooi netjies gerangskik lê, soos ek dit elke aand laat staan . . . ingeval. Met een arm stamp ek die boeke en papiere van die tafel af, sak met my kop op my arms neer en uit wanhoop begin ek weer te bewe en te snik . . . „God, ek het lanklaas gebed, ek wil graag — weer kan bid, weer kan glo in die gebed en in Jou . . . Maar dit help alles niks nie, dit bly net alles woorde in die leegte. In hierdie wêreld is daar nog net die Dood

en ek. Ek het gedink ek ken jou al, Dood, maar jy word vreemder en vreemder. Hoekom het jy nie tien jaar gelede gedurende die oorlog gekom nie? Nou vang jy my elke nag hier in die bed soos 'n ou vrou . . . jou lafaard! Nee, ek wil nie! Ek wil nie! Ek wil nie!

„Ek weet julle kyk almal na my hier op straat; ek weet ek lyk soos 'n ou boemelaar; ek het nie meer die moed om myself in die spieël te sien as ek my moet skeer nie. Maar ek sien julle nie, julle is almal net lyke wat nog soveel dae het om rond te loop, net soos ek.”

Voordat ek nog die twee torings van die katedraal sien, hoor ek al die stadige reëlmatige gelui van die klokke, die dodeklokke. Die eerste voorbode. Ek stap aan met die nou straatjie en stap vas in die stoet wat net die katedraal verlaat. Heel voor loop die bode met sy staf en die priester wat met sy wierookvat die wierook voor die lykswa en die twee perde versprei . . . alles is swart; die bode, die priester, die perde, die wa, die man wat daar bo sit en die leisels vashou. Die kis lê swaar en swart in die wa . . . „Hoe lyk jy, as jy so stil daar binne-in lê . . . weet jy hoe ons na jou staan en kyk, ons almal wat hier staan en dink, hoed in hand, dankie dat dit tog nie ons is nie . . . Wie is jy? Hoe is jy dood . . . was jy ook so bang soos ek, het jy ook so van jou dood weggehardloop . . . het jy geskree, gehuil? Agter die wa stap die familie, meer openlik bewus as hy van ons oë, almal in swart, die vrouens lang swart pilare onder hulle sluiers . . . „Nee, jou kamer was vol van jou huilende familie, jy het daar gelê en jou vrou het jou hand vasgehou, sy het oor jou geleun en saggies met jou gepraat, sy het jou kop gestreel . . . jy kon braaf wees, jy móés braaf wees, jy het mense om jou gehad en jy moes vir hulle wys dat jy nie bang was nie, jy moes jou laaste portret nalaat soos die valse laaste woorde van beroemdes . . . jy het nie elke nag alleen teenoor die dood gestaan nie, en elke dag alleen moes wegvlug nie. Ek het net die Dood as vriend en vyand. Ja, Dood, jy is my enigste vriend. Jy kom gereeld elke nag om jou plig te doen, en ek myne . . . ek moet wen . . . na jou oorwinning is daar niks nie, net die groot NADA. Jy, wat so stil daar lê, jy is alreeds nie meer mens nie, wat het jy gedink toe hulle, die lewendes, jou onwillekeurige oë stil en dankbaar toegemaak het?”

Voor die katedraal is hulle al besig om die swart omhangsels om die voorportaal af te haal . . . soos 'n brandende lig sien ek die wituitgewerkte familievoorletter daarop „N,” saam met die klokke die laaste groet aan iemand

genoem N..., en vir my die tweede voorbode, vir my Pieter N...


Voor die altaar staan die opgeboude katafalk nog met die vier lang geblusde kerse op die hoeke... hier staan ek by my eie begrafnis en hoor hoedat die eentonige en onbekende stem uitdreun: „...die laaste eer aan 'n jóngman... geveg vir sy land... na Frankryk gekom om hier te studeer... maar voordat hy kon teruggaan... vol belofte...” Maar vir my arme vreemdeling in 'n vreemde land sal daar net 'n vinnige gat êrens wees, en dit sal ook goed wees op sy tyd, maar dit is nog nie my tyd nie. Dit kán nog nie my tyd wees nie; daar is nog te veel ongesê, ongedoen, voordat daardie swart gordyn val met my „N” daarop.

Om my is daar net ou mense in die sombere katedraal. Langs die kruisweg staan net swart gekleë skaduwees met hulle rosekranse in hulle hande; net oues van dae wat hier net soos ek verligting kom soek omdat die Dood al klop; en wie met 'n gebed en 'n bieg hul gewetes wil stil en sielorus in die Hiernamaal koop. Orals voor klein altare en voor die standbeelde van heiliges brand die liggies van kerse, liggies van gebede en van hoop. Voor by die deur by 'n ou vrou koop ek ook 'n kers:

„Sal dit brand tot moreoggend?”

„Nee, nie daardie een nie. Hier is een wat vir oor die twaalf uur sal brand maar hy kos veel duurder, 500 frank.”

„Ek sal hom neem, die liggie moet tot moreoggend brand.” Maar voor watter heilige kan ek gaan staan en vir hulp vra... voor die Moeder Maria brand die meeste, en kniel daar drie vroue op die koue klip diep in gebed. Agter hulle staan twee ou mans en bid. Met haar blou mantel en pop-gesig en met die vet klein laggende seuntjie in haar arms lyk sy te gelukkig; hier is geen plek vir my nie. Verder aan staan Thérèsa, maar sy staan daar afgetrokke, haar kop 'n bietjie skuins en haar wange rooi geverf soos die bloedrooi rose in haar gevoude arms — jy is net vir die verliefdes. Laer af in die vleuel is daar nog 'n vrou, en nog een. In die transep anderkant die katafalk staan die Heilige Johanna op wag. Sy rus met haar hande op die swaard voor haar, ... om haar brand geen kerse nie. In hierdie godsdien van vrouens is daar nie plek vir my kers nie, vir my gebed nie, die kerk is net vol vrouens. Hoog bo, regs van Johanna, in die donker van die transep vergete en verwaarloos hang Christus vasgespyker, sy verwronge liggaam gedraai om die reguit lyne van die



Prof. Dr. D. F. MALHERBE

wie se werk in die laaste jare nog steeds sy werkywer openbaar.

kruishout. Sy kop met die doringkroon daarop gevalle op sy bors, hang bo die bloeiende gat deur die spies daar gelaat. Sy oop oë strek oor die lengte van die skip van die katedraal. „Hulle het Jou in Jou Passie hier vir ons gehang dat ons moet weet dat jou lyding vir ons almal en vir altyd was, elke oomblik sterwe Jy weer vir ons, Jou Passie is ewig en herhalend . . . maar dit is nie waar nie, Jesus! Ons ly ook, elkeen van ons, elke dag — en ons sterwe ook. Jy is 'n voorbeeld maar nie God nie, oor Jou het die arme predikante al te veel gepraat en die priesters al te veel geskrywe, alles is vandag net teologie. Kom af, Jesus, kom af van Jou kruis af, kom weer hier onder ons — ons het Jou standbeeld-voorbeeld nie nodig nie, maar vir Jou. Kom stil die waters van ons lyding, kom gee ons hoop. Vader, gee ons hoop! . . . maar hulle het Jou daarbo teen die dak gehang te vérvan ons af; hieronder waar ons ons hoop en gebede kom laat brand is net die geheimsinnig-glimlaggend-houtpop vrouens.”

Voor sy biegestoel staan 'n priester my vriendelik en aankyk asof hy wil sê: „Mon fils, kom na my . . .” Maar vir jou het ek nog minder nodig as die houtpop vrouens. Ek kniel op die stoel voor my: „Ek smeek jou, Jesus, vanaand moet Jy my kom help, vannag as ek alleen is, verlaat my nie . . . ek het Jou hier kom soek, in Jou nood het Jy ook gesê: ‚Eloi, Eloi, lama sabachthani!’ Ek vrees nie die dood wat van Jou af kom nie, die dood wat ek ai 'n honderd maal gesien en in die oë gekyk het, so 'n dood kan ek begryp en verstaan, maar hierdie swart onbekende mag wat elke nag om my neersak en die lewe stadig uit my uitpers — is dit ook die Dood, Vader? Kom dit ook van Jou af? Want agter hierdie swart mag lê daar niks nie, Vader . . . selfs Wally, hy kon sy dood verstaan, die dood wat hom vasgevat het was sigbaar en verstaanbaar, hy het wel geworstel teen die dood, maar ons het albei geweet . . .”

Die voorwiele van die Jeep het net die pontoenbrug gevat toe ek die folterende reëlmatige gedreun van die naderende Stukas gehoor het, oor die nuutgeboude pontoenbrug kon 'n mens nie vinnig ry nie, ek het gevloek omdat die Rhyn so breed is, as ons net van die brug kon afkom voordat hulle een vir een begin neerduik . . . ons was omtrent 'n paar honderd tree van die brug af toe die eerste bomme in die water val en die lewende hel om ons losbars. Die lugafweerkanonne aan albei kante van die rivier het die lug tussen die brug en die vliegtuie met wit paddastoel-wolkies en yster gevul.

„Draai van die pad af, man!” skree Wally in my oor.

„Nee, hulle mik op die brug, laat ons liewers hier wegkom!”

„As hulle daar klaar is kom steek hulle die pad onder hulle masjiengewere, draai af onder daardie bome!”

Die laaste woorde was ’n bevel. Ek het die jeep sommer daar links van die pad afgedraai . . . en toe het dit gevoel asof die aarde onder ons losskeur. ’n Reusehand het die jeep opgelig en weer teen die oopgeskeurde aarde neer gesmyt . . . toe ek weer bykom was my gesig en oë vol bloed:

„Wally! Wally!”

Daar was geen antwoord nie, onder by die brug het hulle nog geskiet.

Toe die Jeep omgeslaan het moes ek sommer dadelik uitgeval het, die jeep het op sy kant anderkant my gelê, die hele regterkant was ’n gapende gat . . . anderkant die jeep het Wally gelê — „Nee, God, asseblief nie!” Ek het vir ’n oomblik geaarsel. Wat kon ek doen, . . . sê . . . Wally het op sy linkersy gelê met sy hande diep in die aarde ingeslaan, sy kop op sy bors ingesak, van sy heupe af . . . „Wally, old man.” Ek het hom teen my aangeleun, sy naels het in my arms ingebyt. „Wil jy hê ek moet om hulp gaan?” Ek moes myself forseer om nie na die toiings verbryselde vleis te kyk wat aan sy heupe gehang het nie, en ek het geweet wat sy antwoord sou wees. ’n Jaar van tevore het Wally en ek saam uit Italië in hierdie regiment aangekom, hy as die adjudant en ek ’n jong luitenant. Meer as eenkeer het hy al gesê: dood maar nie vermink nie. Toe ek vir hom ’n sigaret aansteek het die kolonel se stem ru agter ons gebulder: „Christ, man, you rode into a minefield!”

Wally het alle hulp geweier, selfs die Dok het net gesê: ’n Halfuur op sy langste. Wally het net gevra dat ek by hom moes bly en dat hulle die bottel cognac daar moes laat. „It’s not your fault, Piet, I knew since yesterday that I had it coming, trying to run away from it you see.” . . . Half skaam het hy geglimlag. Na die aanval op die brug was alles om ons nou stil, net die konvoi waarvan ons die eerste was het stadig by ons verbygegaan. In elke lorrie wat verbygaan het al die manne opgestaan en vir Wally gesalueer. So het ons gesit . . . sy vingers het al dieper in my arms ingeklou . . . ons het saam uit die bottel gedrink, en elke keer as hy bygekom het het hy gepraat, alles deurmekaar . . . van sy jeug, sy vrou, die oorlog: „I too loved the sun . . . we used to go to Spain every year . . . it was

there that I learnt to hate war . . . Goya . . . to the individual, war is so senseless, so cruel, so absurd . . ." Toe hy nie meer kon praat nie, het hy my gevra om te gesels, oor Afrika, oor enigiets, die son, die see . . . So het ons saam sy dood uitgeveg, Jesus, en ek het geweet dat hy my graag wou vra om hom met die pistool die halfuur van lyding te spaar, maar Wally was nooit bang nie.

Die volgende dag was ek ook nie bang nie, toe ons in die klein Duitse dorpie intrek . . . in een straat wou 'n Duitse soldaat net in 'n huis in glip. Toe ek vir hom skree het hy omgedraai en sy geweer opgelig, voordat ek kon dink het ek hom geskiet — hy het sy dood verstaan, hy het dit sien aankom, en een het by hom getreur, en een sal hom nooit vergeet nie, nee, nooit nie, Here! Hy was maar negentien jaar oud, drie jaar jonger as ek . . . daar het hy op sy rug gelê, 'n jong god, met 'n sagte glimlag op sy mond, die wind het met sy lang goue hare gespeel, agter sy kop het sy regterarm uitgestrek gelê, met die vingers in 'n kelk gevorm asof hy in die laaste moment sy siel die hemele in gegooi het. So 'n dood kon ek ook verstaan en het ek verwag, Jesus, as ek so gou moet sterwe hoekom dan nou en nie toe nie, Here, ek vra Jou! Hoekom dan nou, en so?"

Agter in die apsis sing die priesters die aandsang, die kerk is al amper heeltemal donker en die liggies van die brandende kerse flikker soos die liggies van 'n fees, flikker soos die hoop in die harte van die gelowiges.

„Jesus, vanaand gaan ek my kers ook hier laat brand, ek is nie 'n Katoliek nie, ek is nie eens 'n Christen nie, maar so lank as hierdie liggie by Jou brand, voel ek nie so alleen nie, as dit môreoggend nog brand sal ek lewe, anders . . .

„Onse Vader wat in die Hemel is, laat U naam geheilig word, laat U wil geskied in die Hemel net soos op die aarde . . ." verder kan ek nie Here, vir my bly dit net woorde. Kan Jy in Jou lyding vir my help, ek weet dat ek vannag weer alleen moet deurmaak, maar Here, wees met my, en bly by my."

Stadig stap ek terug na my kamer al met die rivier langs. 'n Paar laaste see-meeue draai tevergeefs stadig oor die water. Die mense stap vinnig verby, hulle koppe gesak teen die nag en die sneeu. Ek stap verby die restaurant. Vanaand kan ek nie eet nie, en waarvoor; daar in die katedraal moes ek Hom dit gevra het . . . waarom word ons gebore, waarom gaan ons in lyding deur die lewe?

Toe ek oor die straat stap weg van die rivier af, skree, skree iemand agter my, en gly daar 'n motor oor die straat, ek kyk net in tyd om om te sien hoedat die motor 'n klein hondjie teen die sypaadjie dooddruk. Ek moet hard op my tong byt om nie op te gooi nie en my hele wese word weer gevul met dieselfde walging... ek leun teen die muur om myself te stut, alles swem en beweeg so vaag voor my... hier kom hulle weer, die skeletkoppe met hul hol oë en klappende kake, hulle geraamte-hande bobber voor hulle. „Nie hier nie, asseblief nie, God, nie hier nie, laat dit nie hier gebeur nie, laat ek net terug kom in my kamer!” Maar hier kom hulle weer, hulle vuil gestrepte klere steek so snaaks af teen hulle ronde koppe waaroor die vel so styf gespan is, hulle stank is al om my... as hulle my nou aanraak is ek verlore... met my hand styf teen my oë gedruk leun ek teen die muur...

„Die Kolonel wil u sien, Kaptein.”

Ek salueer.

„Kaptein N... die 2e Brigade het vanoggend op 'n konsentrasiekamp afgekom; neem 50 man en bewaak die kamp totdat julle afgelos word. Julle moet net polisie speel. Die 4e Brigade sal die mense versorg en vervoer.”

Met my 50 man het ek in hierdie afskuwelike nagmerrie ingery. Toe die eerste vragmotors stilhou het die doodsgeraamtes op ons afgestorm; God vergewe my — dat ek hulle nie wou aanraak nie — gewalgd het ons teruggestaan — en met ons gewere hulle teruggedryf. Die stank wat van hulle afgekom het, het ons oorweldig. Hoe kon hierdie dooies so rondwankel, orals deur hulle gestrepte klere kon 'n mens hulle geraamtes sien met die vel styf daaroor gespan, soos dié van die eeue-oue kruistoghelde wat in kelders bewaar lê. Hulle het almal dieselfde gelyk, die mans, die vrouens, die kinders net been en gestrepte klere. Hulle groot hol oë het gebrand en hulle oopgesplete kake het hulle stankende asem laat ontsnap — daar het hulle soos wilde ongediertes gestaan en hyg en wink... My God! Hulle probeer om te lag. Hierdie gebare en gehyg is uit vreugde, hulle verwelkom ons! Here Jesus, wat daar in die donker katedraal hang, ek het vergeet om dit aan Jou te vertel, as Jy dit gesien het, Jesus, wat sou Jy dan van ons gesê het? Agter hierdie bewende grensende massa het daar orals hope van kaal bene gelê, sommige het nog beweeg, ander het teen mure geleun; sonder skaamte was daar van hulle nakend voor ons... Here, kan 'n geraamte nakend wees? Baie was al oor 'n week dood, maar hulle

het nie anders gelyk as die wat hier voor ons gestaan het nie, net dat hulle nakend was en geen geraas gemaak het nie.

„Vorm twee rye tussen hulle en die lorries!”

„Maar liewe Jesus die twee rye was net so omgestamp toe hulle die brood en die sakke aartappels uit die lorries neem.”

„Staan terug of ons skiet!”

„Maar, Jesus, ons kon nie op geraamtes skiet nie . . . ons moes hulle wegdra, wegstoot, die bewende, stinkende, hik-kende en vegtende massa, en elke keer as jy een weg druk voel jy sy skerp geraamte onder die verflenterde klere en voel dit vir jou asof jy jou eie moeder en vader in die gesig slaan . . . Here, daar aan Jou kruis, as ek dit nie self gesien het nie sou ek dit nooit geglo het nie, maar ek het dit gesien, GESIEN!”

'n Klein seuntjie tel stadig en teer die slap hondjie in sy arms op . . . agter hom is daar 'n kroeg, blindelings is ek daar in, drink dadelik die cognac, met die tweede kom die ou drang weer by my op om hierdie ding dood te drink en te dans . . . Voorheen as die ding gekom het, het ek elke nag vriende gaan seek of alleen in die lokale gaan drink tot die oggend kom . . . In die oggend hoef ek nooit bang te wees nie; dit kom altyd in die dag om vieruur, elke nag om vieruur word ek wakker, papnat gesweet . . . en tog is my liggaam altyd yskoud en bewend sodat alles in my opgekrimp is, dan het die swart ding om my neergesak, op my oë, op my keel, op my bors sodat ek geen asem kon kry nie, op my maag en bene . . . dan het dit heen en weer oor my gerol soos groot donderwolke, en my saam rondgerol sodat ek styf soos 'n styfoppergolde bal in sy mag lê. So het ek gelê en gewag dat die ding my vir ewig moet toedruk — tot nou toe het ek nog altyd die krag gevind om orent te kom en uit die kamer uit te vlug . . . die nag in. Naderhand het die drank en die wakkerbly ook nie meer gehelp nie, al slaap ek vir sewe nagte nie, die agtste om vieruur is die ding weer daar . . . In die cognac en in die glas sien ek die lig van die kroeg . . . „My kers brand nog!”

Die strate is stiller, maar die katedraal se deur is toegesluit. Hier van die brug af kan ek die skaduweebeeld van die katedraal teen die aandlug sien. Sal ek hier in die skadu van die kerk vir jou wag . . . vanaand moet ons veg.

Die lig van die gaslampe val in geel sirkels op die sneeu toe ek verby die katedraal terugstap . . .

. . . „Pardonnez-moi comme a l'Egyptienne” . . .

Jan Schepens

Augusta de Wit

*Had zij voort in het Engels geschreeven,
was Orpheus IN de dessa gebleven?*

Leo Hendrik Baekeland

*Eerste faze van zijn loopbaan:
leraar aan die Brugse Kweekschool.
Ware hij daar niet weggegaan,
Het bakeliet zou niet bestaan.*

Valse woorden

*Ik heb een hekel aan het woordje „groot”.
Waarom een koe verkiezen boven vlinders?
Waarom moet Dostojevski's „Idioot”
het winnen van de lichter' geesteskinders?*

Eugene Dabit

*Op Gorki's uitvaart, met Gide en Guilloux,
aanwezig. Kon hij toen reeds vermoeden, hoe
hij zelf weldra zijn laaste tol
betalen zou te Sebastopol?*

Ann Bridge

*Zie, hoe zij met haar man-de-diplomaat
de Mare Nostrum-volken gadeslaat.
Moet hij vaak zwijgen bij so 'n bezoek,
zij mag het vertellen in een boek;
want diplomatie en romantiek
volbrengen beide hun eigen tactiek.*

Dominique Braga

*Schrijver, parijzenaar, atleet. Meer dan één vorm gevonden.
Hij liep de 1500 meter in 4 minuten 19 seconden.*

Casanova

*Velen hebben hem geesdriftig gelezen,
doch zouden hem in de praktijk wel vrezén.*

Hector Berlioz zei:

*„Als, op één na, al mijn werk moet vergaan,
moge mijn REQUIEM blijven bestaan!”*

Isaak Babel

*Wat „Rode Ruitelij” voor vergeten behoedt:
de lof van de mens, van het paard en van de moed.*

Johan Daisne

*Wordt hem een Mathusalem-leven beschoren,
dan „bouwt” hij te Gent een tweede boekentoren.*

Jan Stobbaerts

*Het licht houdt niet van onderscheid, is niet Kieskeurig:
het maakt zowel een weide als een Koestal fleurig.*

Karel Michael Bellmann

*Die Zweed verdient wel een aparte hulde:
Hij maakte vele gedichten en...schulden.*

Jules Verne

*Nog vóór ik warmt' en zon buiten mijn land ging zoeken,
had ik de ganse wereld lief, dank zij zijn boeken.*

Luministen

*De wereld een vrolijke vlekendans,
bestraald door uitbundige zonneglans;
de mens daarin, getooid met zonnepatjes,
zomersproeten, lichtditjes, schaduwdatjes.*

Paolo Buzzi

*Terwijl ik naar een Vlaams equivalent zoek,
ontdek ik weer Daisne's „Zevenreizenboek.”*

Louis Paul Boon

*De Goden hebben hem talent gegeven.
Toch jammer, dat men van zijn pen moet leven.*

Herman Broeckaert

*Tussen Emiel Claus en René de Clercq
Schommelt zijn schilder- en dichtwerk.*

Pierre Mac Orlan

*Om „niet in het gevang te komen”, heeft hij lange tijd
zich in zijn boeken van zijn duivelen bevrijd.*

Konstantinos Kavafis

*De Griekse dichter hoord'ik klagen:
— „Al Aardes goed is tijdelijk”.
de onverbiddelijke dagen
bevoren ons geleidelijk”*

Monet en Manet

*Monet, Manet: strijdmakkers en intiemen
en, op één letter na, zelfs homoniemen.*

ZEE

„Het land zal 'k overspoelen, ik wil nu de bruid
van zand en steen zijn. Dijk en duin, uw rijk is uit.
Weg moeten ál die huizen, villa's en hotellen,
die mij toch zoveel zomers met hun schijngoud kwellen.
Straten en pleinen zal ik vullen met zout water.
Vin-loze vissertjes, o mensen, wordt mijn vissen,
keert nu terug tot mij, oeroude alma mater;
ik kan de tijd niet noemen sinds ik u moest missen.
Ik breek en brokkel stenen af en uw week hout.
Niet wenen, komt tot mij, uw wieglend zoutzeewoud.
Gij zult uw straten verlaten, dokken en kaaien.
Wordt weer dolfinen, hokt als mossels, vecht als haaien...”
Een toen haar hysterie aan 't eindpunt was gekomen,
lag zij daar weer zo vreedzaam als een lam te dromen.

Golven fluisteren verhalen
over diepzeeparadijzen,
over vis- en weekdierdalen,
over groene wierpaleizen,
waterpleinen, grotportalen,
planten die nooit hoger rijzen
dan de vlugge sidderalen
waarvoor kleutervisjes ijzen,
watervaten, zeebokalen,
waarin duikbootvissen reizen
met hun ogen als fanalen,
vinpiloten vliegen lijze,
zie hun stuka-koppen dalen,
cockpitkoppen, staartpedalen,
water, water, drank en spijsze
voor de bodembacchanalen.
Doch hoe zal ik zulks vertalen
op een vorm vaster wijze?
Zoveel vlotte diepzee-talen
wachten op hun woordenlijsten.
op ontdekkers en speciale
Rilke's, Hoelderlin's en Kleisten.

Akkordeon-muzieken van een feestdagzee:
golfstep en baartango, waaisamba, waterwals,
windruk en waterdruk, in droomlust of in wee,
dansen statig ongenadig, bulderen vals,
zwijsen groene roemba's, tripplen witte fox-trott,
dagen de matrozen uit, de sterren en God,
komen in opstand tegen 't eindervlak bestaan,
slaken hun loodrechte zoutzuchten voor de maan.
Zeezieke muzieken uit golf-akkordeon
stijgen in dronken vochtspiralen naar de zon,
hunkeren geweldig naar de muziek der sferen

die z'op hun waterwaaierplaten registreren.
Domine do mi re si la sol sol si fa . . .
Uit droesem van roesdromen komen wij weldra.

Ja, ik kom, zei de zee tot het land. En zij kwam,
en ze streelde dan het strand met de groenwiervlam
van de branding en het zoutvuur van haar wellust.
En eenmaal moegezoend, zeeg zij in wiegelrust.

De glatte wellust van de golven
deint zacht en vol bij zonnetijd.
Straks huilen grijze noordzeewolven,
gekweld door droeve herfstigheid.

De zee weet niet goed wat zij wil,
zij trekt zich samen, rekt zich uit,
is wijsheid nu, en straks weer gril,
wijzigt voortdurend haar besluit.

De wereld vol putten en kloven;
de zee, in haar bedding van slijk,
verroert als in koorts. En daar boven:
de sereniteit van Gods Rijk.

Aan mijn ogen kleeft dauw van de wolken,
in mijn huid bijt het zout van de zee,
in mijn bloed wervelen waterkolken
die mijn woorden met heimwee bevolken.

waterkolom die altijd stijgt en daalt;
binnen uw eigen grenzen steeds op hol,
geest van geheim die immer feest en faalt.

Van vis tot vogel, van zee tot zand:
de lange weg naar 't Beloofde Land.
Schokt de natuur soms voort met bliksemsprongen,
heel langzaam maar ontstaan uit kieuwen longen.

Zeewindentaal die maar alleen zichzelf verstaat,
epen van watervolken die in kolken grollen
wijl ze voortdurend over wierglijbanen rollen,
tumult van zout en vocht dat ons verbijsterd laat.

Eeuwig versmelten en dan weer ontbinden:
eindloze taak van water en van winden.
Willen we beiden één en niet twee zijn,
laten wij licht en lucht, en géén zéé zijn.

Maanlichtvlekken en zilvren sterrenpoeder
stuiven over haar lichaam heen.
De groengrijs gepantere Watermoeder
licht in haar wiegelbed alleen.

*Golven zijn gulzige tongen der zee.
Zij likken gedurig de korsten der aarde.
Voor 't zoete zand, hun zout als tegenwaarde.
Het brandingspeeksel maakt de stranden wee.*

*Hier jaagt golf op golf, en geen vrede baat.
De zee kwelt zichzelf in voortdurend keren
van felle liefde, van grondige haat.
Steeds zullen beide krachten haar regeren.*

AVONDLIED

*'s Avonds tussen acht en elf
ben ik eindelijk mij-zelf.
Zalige tijd waarop ik werk
aan mijn eigen kleine kerk.
Vrij van lasten en van banden
laat ik al de lichten branden
van een vlinderende geest
die geen SCHEMERING meer vreest,*

*'s Avonds tussen acht en elf
aanbreekt de tijd dat ik delf
naar de schatten van mijzelf.
Haal ik dan een goudklomp boven
zie, ge moogt me vrij geloven,
niet alleen mijn dag is goed,
maar ik heb weer nieuwe moed
om de grauwe dag van morgen
te begroeten zonder zorgen.*

*'s Avonds tussen acht en elf
breekt de tijd aan dat ik delf
dromen en herinneringen
zoete liedjes voor me zingen.
'k Ga dan in mijn lieve boeken
avontuur en schoonheid zoeken.
'k Voel me vrij in ruimte en tijd
en van elke DWANG bevrijd.*

*Halt, waar voert Geluk mij heen?
Sloeg de klok daar niet half een?*

Earl Martin

PARTYMAAL LOOP EK LAAT

*Partymaal loop ek laat
in afgeskakelde strate
na my kinders, kerk
of na-uurse werk*

*Dan weet ek met
die wakker het
oor ure oopgebars
'n bessie en die vars*

*en soek en dan sien ek
plotseling die tintvlek
van Tokkelos se rook-
vermomde spook:*

*kind kom
uit 'n lyk gebloom
— my kind, my lyk
waar ek nou na kyk.*

REIS DEUR DIE LAEVELD

*Ave Maria
en Punda Maria
ses volt —
God se wild
Dié tyd
is klitser van die tyd
Die keer
is mooier as mooiweer.
STOP
Hier's kerk
Die stil groep, groen gekamoefleer,
hou huisgodsdien.
Naastediens
begin iets laer as ryloper laai
en weg die weelde van voël
Want ek, die Tsotsi van Heightstraat
of Beitstraat
ry reise met 'n lem
en binne-in God se skaduwee
laat ek besprinkelde weë...*

GEDAGTES UIT VERDIEPINGS

*Stel nie die almanak teleur
Desemberdae op Bynespoort
Van varkslag voor die agterdeur,
by druiwedak oor nartjieboord*

*waar gemmerkanne op die stoep,
koel langs biesiestoele staan,
skywe waatlemon, die roep
van aspaaispelers by die maan.
Soet dae bring Desember —
na die warm werk en water
in die lande van November
— bietjie later, altyd kwater.*

*Baie siele by die vreugde
uit langvakansie, siek- en afdag...
familie, vriend en derglik deugde
dra die aansteek van 'n feeslag...*

*Ómpad oor die kraainesplek,
die arendrotse, apekrans,
sonligskaarste betonbestek,
met sy dood, sy deemoedglans.*

BRIEF VAN PA

liewe seun die ou hant bewe
(*Jy moet die vrotskryf maar vergewe*)

Ons verlang, jou ma en ek
(*In '50 al van dié Boplaas vertrek*)

ons dank die heer vir al sy seen
(*Min vee vrek, amper aldag reën*)

en die ou been wat weer bedaar het
(*Die toordokter wat jig met jakkalsstert ontsmet*)

ek het 'n nuwe rousteenskuur gebou
(*Hoe gaan die boere en die bure bokjol hou!*)

Duvenaars het nou die plaas langs ons gekoop
(*O, Duwenaar, jou vee moet oppas waar dit loop*)

seun, ma sê sy skryf 'n anner brief
(*Sluit £5 in — jou moeder het jou lief*)

groetnis en gods seen, van vader
(*N.S. Die dood kom ook al stadig nader...*)

Ballade Van 'n Woestyn

(Drama in twee tonele)

JAC. J. BRITS

Dramatis Personae:

(1) Joe, (2) George: Twee ontsnapte misdadigers. Die drama speel af in die hartjie van 'n herberglose woestyn. So ver die oog kan sien, strek die wit sandduine troosteloos die oneindigheid in. Geen enkele boom versier die omgewing nie, geen geluid wat die godverlatenheid van hierdie streek kan temper nie.

As die skerm opgaan, is dit middag. Die son brand vlammend, genadeloos. Na 'n paar oomblikke kom Joe en George op die toneel. Albei is tot sterwenstoe moeg, veral George. Hulle klere dra onmiskenbare tekens van blootstelling aan wind en weer.

Joe is ongeveer 40 jaar oud — 'n tipiese geharde misdadiger wat ten spyte van alles tog die sonkant van die lewe raaksien. Sy oë dra 'n eenaardige diepte asof hy die weemoed van die lewe leer ken het. George daarenteen, is ongeveer 20. Sy bewegings is moeg, lewensmoeg. Daarom is daar in sy woorde iets van bitterheid en skeptisisme.

Hulle strompel tot in die middel van die toneel. Joe smyt die rugsak, wat hy agter sy rug dra, op die grond neer en vee die sweet op sy voorhoof met sy mou af. George sak magteloos op die grond neer, verberg sy gesig in sy hande. JOE: Magtag, Georgie, die sonnetjie steek dat dit bars.

My mond voel soos 'n kurkprop. It's worse than hell!
(*Merk skielik George se patetiese houding.*) Wat de hel is dit met jou, Georgie?

GEORGE: Hou jou bek, Joe. Gee my liever water om te drink of ek vrek.

JOE: Jy moenie so met my praat nie, Georgie. We're friends, aren't we?

GEORGE: Hou jou bek, sê ek! Het jy nie ore nie? Jou woorde stink.

JOE (*sug*): Olraait, olraait, ou Georgie, ek sal niks meer sê nie. Jy's ook so dêm unsocial. (*Sidder*) Jesus, as dit net nie so warm was nie!

GEORGE (*kom half orent*): 'n Mens vrek nog hier!

JOE: Moenie so 'n softie wees nie, Georgie; ek ken jou mos nie so nie.

GEORGE: Wie is 'n softie, Joe? Jy moet jou bek toehou . . . (*kners op sy tande*) Ek het jou gesê ons moenie hierheen kom nie, Joe. Maar jy is mos altyd slimmer as ek.

JOE: Olraait, olraait, jy wou seker nog in die tjoekie gesit het, hu? That's a damn life!

GEORGE: Daar het ons nie gevrek van die sonbrand nie!

JOE: Jy is besimpeld, Georgie! Noem jy dit die damn lewe vir 'n man, hu? You must be mad!

GEORGE: Ja, ek is mal, Joe. Ek moes nooit saam met jou gekom het nie.

JOE: Olraait, olraait, ou Georgie, ek het jou ook nie gevra nie. Isn't that so, hu?

GEORGE: Dit lieg jy! Jy het my gesoebat.

JOE: Olraait, I admit, maar jy was soos 'n damn brak agter my aan. Wat het die ou bewaardertjie ons genoem? Remember, Georgie? Dawid en Jonathan . . . ha . . . ha . . . Jesus, maar dis 'n grap! (*Skielik sagter*). Maar ek hou van jou, Georgie. You're a good fellow en damn brave ook. Kyk maar hoe het jy die ou bewaardertjie op die kop gemoker. Hell, what a joke! Georgie, jy's 'n regte sport! That's damn sure.

GEORGE: Hou jou bek, Joe!

JOE: Olraait . . . olraait . . . (*staar voor hom uit*) Hel, die pad lê nog ver. Wie het nou ooit kon dink die woestyn is so damn groot?

GEORGE (*bitter*): Ons gaan albei hier vrek, Joe. Hoor wat ek vir jou sê. Kyk hoe lyk dit. Dis net wit sand so ver jy kyk.

JOE (*peinsend*): Jesus ja, dit lyk maar sleg. Maar ons sal hier uitkom, Georgie, I promise you. Wees net geduldig. That's wat my father always said.

GEORGE (*gee 'n minagtende snork*).

JOE (*vervolg mymerend*): Jammer jy het hom nie geken nie, Georgie. Hell, what a pity! Daar was nou vir jou 'n smaert guy en clever! You won't believe it. (*George antwoord nie. Joe vervolg na 'n rukkjie*) En my ou lady . . . I believe she was an angel.

GEORGE (*ergerlik*): Wat de hel praat jy van, Joe?

JOE: My mom en dad, natuurlik. Is jy dan doof?

GEORGE: Nou wat de hel voor, hu? Hulle is albei dood en begrawe. So what?

JOE (*sug*): Olraait, ou Georgie, you won't understand.
Hell, waarom is die lewe so damn veranderlik, hu?
Ek vra jou, Georgie?

GEORGE (*ongevoelig*): Hou tog jou groot bek, Joe. Kan jy nie jou smoel toehou nie?

JOE (*staar wesenloos voor hom uit*): Het jy ooit 'n girl gehad, Georgie?

GEORGE: Natuurlik! Wat dink jy is ek? 'n Muis?

JOE: Never! Surely not! (*vertroulik*) Georgie, ken jy al hulle ins and outs, hu?

GEORGE: Shut up, Joe. Jy droom nou.

JOE (*sug*): That's it, I'm dreaming. Hell, ek is 'n fool, 'n propper fool. (*onseker*) Het jy vir Ansie geken, ou Georgie?

GEORGE (*raadop*): Sal jy jou bek hou, Joe?

JOE: Hell, to whom must I speak? Moenie so damn hard op 'n man wees nie, Georgie.

(POUSE)

JOE (*mysterend*): Ek het haar sleg behandel, Georgie. Maar sy het my nie verlaat nie, ou Georgie, nie sy nie. „Joe,” het sy gesê, „ek is joune vir altyd, net joune alleen. Slaan my maar dood, Joe, ek sal nie weggaan nie.” (*sug*) Ja, she was the cutest thing on whole the earth. Believe me, ou Georgie, you have never seen someone like that. Jesus, waar's sy vandag!

(*George antwoord nie, staar in die verte, met sy hande oor sy knieë gevou.*)

JOE (*asof tot homself*): Sy het net oë vir my gehad, Georgie. No other man ever touched her.

GEORGE: Jy lieg dat jy bars, Joe. Natuurlik het sy jou verneuk. Wat skaai jy doen 'n vroumens as haar man in die tjoekie sit, hu? Sy sal nie droëbek sit nie.

JOE: On my word of honour! Ansie was een van die good old type, jy weet mos, ou Georgie. Hell, jy moes haar gesien het. You won't believe it!

GEORGE (*gee 'n snork*).

JOE: Olraait, you won't believe it, you won't believe it! Maar dis so waar soos hel, ou Georgie. Waar's daai aand toe ek daai lieplapper wat by Ansie wou call, laat grond vreet het. Ha . . . ha . . . ha, ou Georgie, you won't believe it. Just one shot! Uit soos 'n kers, Georgie, quiet like a mouse!

GEORGE (*stel skielik belang*): Hell, waar was ek!

JOE: You surely missed something; I can tell you, Georgie.

GEORGE: En daarvoor is jy tronk toe, ou Joe?

JOE: That's it. Ses maande, hu, ses maande. Ek sê vir die magistraat: Be a sport, your honour; as ek tronk toe gaan, wat sal van my vroutjie word . . . en maybe she expects a baby. They will suffer." Maar nie hy nie, Georgie, nie hy nie. „Joe,” sê hy vir my, „jy is 'n klad op die karakter van jou volk, jy verdien nie genade nie. Ek gaan jou ses maande tronk toe stuur. That will teach you a lesson." Can you believe it, Georgie? I'm asking you.

GEORGE: Net vir een hou? Dis damn onregverdig!

JOE: Surely it is. As ek dit geweet het, I would have killed him. You hear me, Georgie, I would have knocked him down for ever.

GEORGE: Ag, wat help dit nou? Demmit, Joe, jy het jou kans gehad. Jy moes beter werk gedoen het. As dit ek was . . . die duiwel sou hom gery het.

JOE: That's it. Maar ek sê maar net, Georgie. Heaven be kind to him when I meet him again. (*Sagter, weemoedig*) Dit was nie lekker nie, Georgie. Hell, you know what it's like, hu?

GEORGE (*bitter*): Dêrn goed genoeg!

JOE (*peinsend*): Such is life, Georgie. Dis op sy beste maar 'n sirkus. Believe me, I know. Ja, dis 'n damn herrie, Georgie. Jy kan nie doen wat jy wil nie. Jy meen nog jy is baas, dan sê die wet: „Damn you, you bleddie fool. En dan, Georgie, dan sit jy! Hell, life is funny, you know, Georgie. As ons kinders is, sit ons heeldag en droom. Aircastles, you know, hu? Jy sien jousef as 'n Big Shot met geld soos vlooië . . . (*sug*) Maar nie lank nie, Georgie. Then you know . . .

(*POUSE. Dan skielik opstandig*) Life is just one damn thing after another, Georgie. En as jy nie so sê nie, dan weet jy nog nie . . . dan moet jy nog leer. Mark my words, Georgie, die lewe is 'n vloek!

GEORGE (*lag bitter*): Weet jy wat my pa altyd gesê het, Joe? Hy het gesê: As die lewe sy stertkant wys, wys joune ook.

JOE (*lag uitbundig*): Hell, that's a good saying! Jou ou lad was a genius, a pure genius.

GEORGE (*bitter*): Hy was 'n fool, Joe, hoor jy my, 'n damn fool!

JOE: Olraait, I quite believe it. Ek sal wragtag nie stry nie. I know what some parents are.

GEORGE: Wat de hel weet jy van hom af?

JOE: Jy het my een nag vertel. Remember, Georgie?

GEORGE: Jy lieg, Joe. Ek praat nooit van hom nie.

JOE: Olraait, maybe I'm wrong. (*intiem*) Jy hou nie van hom nie, nè Georgie?

GEORGE: Ek haat hom, Joe. Hy dink mos ek is 'n afsaksel en hy is die high society.

JOE (*filosofies*) You see, Georgie, that's why I don't want to be a father. Ek sal dit wragtag nie like dat my seun eendag sê: „You're an old fool; I hate you,” nie.

GEORGE: Wat het hy vir my oorgehad, Joe? Niks, nie eers 'n bietjie decency nie. Wat het hy gedoen om my uit die tronk uit te hou, hu? Komaan, ek vra jou; jy's mos altyd so damn slim. Hy wou nie eers die damn boete betaal nie. En toe ek die tweede keer tjoekie toe gaan, weet jy wat sê hy toe, Joe? Jy's nie meer my kind nie; jy kan nou na die hel gaan; jy sit jou pote nie weer in my huis nie.

JOE: Hell, that's what I call rude... (*trek sy skouers op*) See what I mean, Georgie? Vroumense is olraait; 'n man moet bietjie pleasure hê out of life. But that's all. Damn you as jy 'n fout maak. Kyk maar na hulle figure, Georgie, doen net wat jy wil met hulle... but be careful. Don't become a father. Leave it alone. Don't be a bleddie fool. (*vaderlik*) Georgie, luister nou na my; ek is ouer as jy. Experience of woman is my daily food. (*wysgerig*) Jy ken vroumense nie goed genoeg nie, Georgie, that's your trouble. (*'n Kort laggie*) Jy weet, Georgie, all the damn trouble starts with woman. Damn funny beings, that's for sure. Jy sien haar, hu Georgie, jy sien haar curves, hu... en die heupies, hu? En jy sê vir jouself: That's how heaven is like. Surely, no doubt! Maar jy vind gou uit watter fool jy is, Georgie... maar verdomp, jy bly 'n fool. You simply can't leave them alone.

GEORGE: Damn vroumense, Joe. Wat de hel help dit jy praat van hulle en hier is niks vir 'n man nie, hu?

JOE: Wragtag, that's a true word, Georgie. I never thought of it. (*weemoedig*) Hell, waar's Ansie vandag?

GEORGE (*spottend*): Saam met 'n ander ou, natuurlik. Wat dink jy dan?

JOE (*wat opgestaan en 'n entjie daarvandaan gaan staan het*): Olraait, miskien is dit so, ou Georgie, miskien is dit so. Hell, life is a bastard! Darem damn snaaks, weet jy, Georgie? As ons iets het, weet ons nie hoe groot

dit is nie. You're as blind as a damn bat! Maar as jy dit nie meer het nie, dan sien jy eers hoe groot dit was. Yeah, life is a mystery, that's for sure.

(*POUSE. George lê op sy sy en leun op sy elmboog, sy oë op die grond. Joe staar verweg.*)

JOE (*na 'n rukkie*): See what I mean, Georgie? Hier sit ons, twee criminals, twee damn vlugteling, wat bang is vir die polisie. Maar ons was ook eenmaal vry, Georgie. Remember, hu? Ons kon maak wat ons wou, gaan waar ons wou. Die damn wet het niks te sê gehad nie. En nou? (*sug*) Ja, Georgie, nou moet ons net heel-dag wegkruip. No one trust us any more. Isn't that the truth, Georgie? Ons is sommer tramps. (*bitter*) That's what I can't understand, ou Georgie. Hoekom kan 'n man jou nie skoon was nie, hu? En as jy jou tyd in die tjoekie geserve het, het jy mos klaar geserve. Niemand het mos dan meer iets teen jou nie. Die damn wet sê so, I swear it! Wat sê hulle vir 'n man as jy die dag uit die tjoekie kom, hu, Georgie, I'm asking you. „Joe,” sê hulle, „nou kan jy 'n nuwe lewe begin. Life is all yours. Niemand kan met 'n vinger na jou wys nie.” O, damn it all! (*swaai na Georgie*) Isn't that the truth, Georgie, isn't that the holy truth?

GEORGE (*bitter*): Dêm alles, Joe; dit help niks; ons tel nie meer nie.

JOE: That's true . . . ons tel nie meer nie. Ons is niks, 'n dêm leë dop. (*skielik*) Hel, Georgie, what are we looking for, hu?

GEORGE: (*antwoord nie*)

JOE: Hoekom sê jy niks nie, Georgie? Damn, man moet tog gesels ook . . . Olraait, ek sal my bek hou.

GEORGE (*met sy oë na die verte*): Hoe lank sal ons nog so wegkruip, Joe?

JOE: God alone knows!

(*Die maan se skynsel het skielik teen die gesigseinder verskyn — rooi en belofteryk*).

See the moon, hu, Georgie? Nothing more beautiful on earth. (*kyk afwagkend na Georgie; as dié nie antwoord nie, staar hy lank, asof gehipnotiseerd na die opkomende maan*).

JOE: Ek en Ansie het baie aande na die maan gekyk, ou Georgie. Just me and she. Hell, waar's daai dae? I'm asking you, Georgie. (*Verberg plotseling sy gesig in sy hande*) Damn me, I'm a liar, a dirty liar!

GEORGE: Stop that, Joe. Jy is nie 'n dêm baby nie.

JOE: Olraait, olraait, Georgie, maar ek het vir jou gelieg, plain gelieg . . . (*stil*) Ansie quit me!

GEORGE (*'n greintjie belangstelling*): So wragtag, ou Joe? Jy lieg sommer weer.

JOE: Alas, it's the truth, ou Georgie.

GEORGE: Wat het ek jou gesê. Vroumense kan 'n man nie vertrou nie.

JOE: Bly stil, Georgie, bly stil . . . It hurts.

GEORGE: Olraait, maar die waarheid bly die waarheid. (*vertroulik*) Ek sê ou Joe, hoe het dit gebeur, hu?

JOE (*bitter*): Ek was nie meer goed genoeg vir haar nie, Georgie. She called me a gaolbird.

GEORGE: Hell!

JOE: Wat kon ek doen, ou Georgie? Nothing . . . just listen . . . and go. (*met bitter weemoed*) Toe het ek ook nie meer omgee nie, ou Georgie, so wragtag nie. I thought: Let's go to hell, I don't care.

GEORGE: Sy quit jou so wragtag?

JOE: Yeah, can you believe it?!

GEORGE (*vertroulik*): Wie . . . wie is die ou, Joe?

JOE: Die ou wat ek geneuk het. I'll murder him, next time.

GEORGE (*spottend*): As ons nie voor die tyd vrek nie, Joe . . . (*Die aand se skemerte skuif allengs oor die toneel . . . totdat hulle figure dof te onderskei is.*)

JOE (*na 'n rukkjie*): Ons moet gaan, Georgie. Night is coming.

GEORGE (*Probeer orent kom, maar dan sak hy skielik inmekaar met 'n kreun*):

JOE (*help hom*): Georgie . . . wat is dit, hu?

GEORGE: Gee . . . gee my water, Joe.

JOE: Maar Georgie, daar is nie meer baie oor nie. We must be carefull.

GEORGE (*woedend*): Wil jy my vrek hê? Ek sê jou ek kan nie verder nie.

JOE: Olraait, olraait Georgie, I meant no harm. Ek sê maar net. (*haal die waterbottel uit die rugsak*) Neem 'n slukkie, Georgie.

GEORGE (*neem 'n sluk*):

JOE (*ruk dit voor hom weg*): Dis genoeg, Georgie . . . Ons moet nou gaan. (*Plaas die bottel terug in die rugsak*).

GEORGE (*opstandig*): Ja, ons moet gaan, of vrek soos vlieë. God, wanneer sal dit end kry, Joe? Dis net elke dag loop en loop . . . en nooit kom ons by die end nie. Kom daar dan aan niks 'n einde nie!

JOE: Olraait Georgie, olraait. We will be free some time.

GEORGE: Jy lieg Joe; môre vang hulle ons weer. Waar de hel voor loop ons dan? Waarvoor? (*skielik*) As ek hier uitkom, gaan ek ordentlik lewe, Joe. Verstaan jy. Ek gaan dêm decent lewe.

JOE (*vaderlik*): That's it, Georgie, that's how I feel. Ons twee gaan saam 'n plasie koop, hu. Ek is die manager . . . of nee, jy kan manager wees en ek die foreman. Hell, sal dit nie 'n surprise wees vir die ouens nie! Just think, Georgie. Hell, I swear it will be a scene to remember till the end of eternity!

GEORGE (*moeg*): Jy praat damn nonsense, Joe. Ek is nie 'n baby nie, hoor jy?

JOE: Olraait, olraait, ek sê maar net, ou Georgie. Life has it's pleasures, that's for sure. (*swaai die rugsak oor sy skouer*) Hulle sal ons nie vang nie, Georgie. Mark my words. Hell, jy ken nog nie vir Joe nie!

GEORGE (*struikel vorentoe, in die rigting van die winkende gesigseinder*) (*kniers op sy tande*): Hulle sal ons nooit kry nie. Ek sal hulle almal vrek skiet, dié vloeke! (*Ruk 'n rewolwer uit sy sak, swaai dit uitdagend in die lug; met koorsige stem*) Ek sal hulle vrek skiet, hoor jy, Joe?

JOE: Olraait, ou Georgie. Sit die rewolwer weg, toe (*wil dit neem*).

GEORGE (*Rig die rewolwer op Joe*): Gaan na die hel! Hou jou pote van my af!

JOE: Olraait, damn die hele besigheid . . . (*sagter*) Kom ons loop, Georgie . . . come on.

GEORGE (*struikel vorentoe*). (*As Joe langs hom kom, sak die skerm . . .*)

TWEEDE TONEEL

Toneel dieselfde. As die skerm opgaan, is dit skemer op die toneel. Na 'n paar oomblikke kom Joe en George se strompelende figure uit die dowwe mistigheid te voorskyn. Hulle steun half op mekaar. Dis duidelik dat hulle tot sterwenstoe moeg is.

Die ligte word stadigaan skerper. As hulle in die middel van die toneel staan, is dit verblindend.

George strompel 'n tree of twee verder. Dan struikel hy, magteloos en uitgeput, en sak op die grond neer.

Joe sak op die grond neer, trek sy skoene uit.

JOE: God, what a day! As die damn son net wil ondergaan.

Hier is nie eers 'n takkie om skaduwee te maak nie. It's enough to kill you. (*merk skielik vir George op, wat roerloos, soos 'n dooie, bly lê het; kruip na hom*) Georgie . . . Georgie! (*George antwoord nie, roer effens. Joe*

- skud hom*) Georgie, wake up! Wat de hel is dit met jou, hu? God, you're dying!
- GEORGE: Laat my staan. Laat my vrek, hoor jy, laat my vrek soos 'n hond.
- JOE (*verslae*): No, no Georgie; wat praat jy man? Are you getting mad? (*half-smekend*) Georgie, staan op, asseblief. The sun will murder you. Komaan Georgie, moenie so damn foolish wees nie.
- GEORGE (*lig hom half orent*): Gaan na die hel, Joe. Ek wil vrek, verstaan jy? Kan jy nie hoor nie, hu? Ek wil vrek soos 'n hond.
- JOE (*kom verdwaasd orent*): You are getting mad, Georgie. (*smekend*) Georgie, staan op. Kom, ek sal jou help, jong. You give me your hand, hu? Ek sal jou help, Georgie, ek sal jou help . . . (*sug*) You're worse than a damn kid.
- GEORGE (*antwoord nie, probeer magteloos orentkom*).
- JOE (*steun hom*).
- GEORGE (*wat op sy knieë staan*): Water Joe . . . gee my water . . . (*hyg na sy asem*).
- JOE: Water? Maar Georgie, daar is amper niks oor nie. You see it yourself. Remember hu?
- GEORGE (*half-huilend*): Jy wil my laat vrek, nè? Olraait, as ek vrek, dan vrek jy ook. (*kom half orent, pluk die rewolwer uit sy sak*) Gee die water, Joe . . .! (*sak skielik vooroor; sy gesig vertrek van pyn*) God, as die pyn net wil bedaar, as ek net nie so honger en dors was nie. (*Joe kom nader om te help; Georgie rig die rewolwer op hom. Hy staan nou op sy knieë*) Damn you Joe, bly net waar jy is. Ek vertrou jou nie.
- JOE: Hel, ou Georgie, you're growing mad. Gee die rewolwer man; netnou gaan die ding af. I don't want to be hurt.
- GEORGE (*skor*): Gee die water, Joe, gee dit. Dis jou laaste kans.
- JOE: Be reasonable, Georgie. Hel, waar moet ek die water kry, hu? Daar's dan niks meer oor nie. (*Staar oor die eindelose vlaktes waar dit een word met die horison*) See Georgie, die pad is nog lank. We must be careful.
- GEORGE (*stropel 'n tree vorentoe, breek skielik*): Kyk hoe troosteloos lyk dit, Joe. En die vervloekte son! God, as die son maar net wou ondergaan! (*Met vrees bevange*) Ons gaan albei hier vrek, Joe. Geen mens kan dit hier uthou nie. Ek het jou van die begin af gesê.
- JOE: Don't start again, Georgie! Hel, is dit my skuld as die son so damn warm is, hu? I'm also suffering. (*vader-*

- lik*) Ek hou van jou, Georgie. Heavens know, it's the truth. I'll give my life for you.
- GEORGE: Jy lieg Joe! Jy wil my vrek hê sodat jy al die water en kos kan kry en vinniger kan loop. Jy word moeg vir my, hu?
- JOE: Don't be stupid, Georgie. Hell, you're like a brother to me. (*intiem*) Onthou jy hoe ons altyd saam was, Georgie? Daar is niemand soos jy nie, Georgie, I always said it. Nou maak jy of ek 'n lieplapper is wat nie omgee nie. I have my feelings, Georgie. (*seergemaak*) Hell, I would never say such a thing to you, Georgie, never!
- GEORGE: Olraait ou Joey, moenie so op my gevoel werk nie, hoor jy. Ek is nie 'n baby nie. (*krimp skielik inmekaar, magteloos — in 'n wanhopige stem*): God, kry niks dan 'n einde nie? Waarom sien ons dan niks mense nie, Joe. Is ons dan die enigste mense in hierdie godverlate plek?
- JOE (*poging tot 'n grap*): Ek wil nie nou mense sien nie, Georgie. Maybe it's the police, hu? Hel, maar ons sal darem skrik.
- GEORGE (*asof hy Joe nie gehoor het nie; bitter*): Elke dag dieselfde, elke dag die moordende son. God, waarom kan dit nie altyd koel wees nie, waarom is dit nie altyd nag en donker nie. En waarom kry 'n mens nooit wat jy soek nie? (*skielik wild*) Ons gaan altwee vrek, Joe; hoor wat ek vir jou sê: ons gaan altwee vrek soos vlieë in hierdie woestyn.
- JOE (*radeloos*): Don't grow mad, Georgie. Ons sal hier uitkom, I promise you.
- GEORGE: Gaan bars met jou beloftes en al, Joe. (*Skor; lek sy lippe af*) Gee die water, Joe, gee dit, of ek help jou die wêreld uit.
- JOE: Maar Georgie . . . ons moet uithou.
- GEORGE (*steier nader met die rewolwer dreigend na Joe gemik; in 'n skor stem*): Jy dink ek is . . . hu fool, nè Joe? Olraait, ek sal . . . jou sê . . . ek is nie 'n dêm fool nie. Hoekom is jy nooit so dors soos ek nie, hu Joey. Come on, ek wil weet. Ek sal jou sê, Joey: you try to fool me, hu. Is dit nie so nie, Joë? Jy drink al die bleddie water uit net as ek my rug draai, jou bleddie . . . bleddie liar . . . (*die rewolwer wieg in sy hande*).
- JOE: By all the angels in heaven, Georgie, I swear. Hoe kon ek, Georgie? Jy sien my dan altyd. Ek is net so dors soos jy, I swear. By God, you're as mad as a monkey.

GEORGE (*kniers op sy tande*): Hou op met lieg, Joe; hou op of ek blaas jou vuil harsings uit. (*met pyn op sy gesig*) Dêrnou, Joe, gee my water ek kan dit nie meer hou nie.

JOE: Olraait, olraait, you may have it, Georgie. (*haal die fles uit die rugsak; oorhandig aan George*) Vat dit maar, ou pèllie, it's all yours.

GEORGE (*ruk dit vinnig uit Joe se hand wat wesenloos na hom staan en kyk*).

GEORGE (*plaas die fles voor sy mond; ruk dit dan plotseling weg. Hy steier vorentoe; in 'n skor stem*) Jou bleddie, bleddie liar. Waar die hel is die water, Joe? (*smyt die fles woedend weg*).

JOE (*verbysterd*): By God, how is it possible? (*tel die fles verdwaas op*) Georgie . . . dit . . . het seker uitgeloop.

GEORGE: Bly stil, jou fool! Jy het gedink jy kan my fool, hu? Jy ken nog nie vir Georgie nie, Joe.

JOE: By God, Georgie, I swear, dis nie ek nie. Jy ken my mos, Georgie. Dis lank al op, Georgie, heavens hear me . . . vanoggend al . . . remember, toe ons elkeen 'n mondvol gedrink het.

GEORGE: Jy lieg, Joe; ek het niks gedrink nie. Moenie my probeer fool nie . . . (*trek die rewolwer stadig uit. Daar is 'n vreemde lig in sy oë en sy stem is onnatuurlik*) Joey, ons weet tog ons gaan albei vrek, is dit nie so nie, Joey? Olraait, ek sien jy stem saam, hu . . . olraait . . . Nou hoekom vrek ons nie sommer nou nie, Joey, hoekom nie, hu? Toe, ek vra jou. Hoekom wag ons dat die son ons moet vrekskroei, hu. Antwoord my, Joey . . . waar de hel voor wag ons, hu?

JOE (*wat vir die eerste keer tekens van vrees toon*): Georgie, be calm. Moenie dat jou senuwees op hol gaan nie, man.

GEORGE: Stop it, Joe! Ek is moeg vir jou geblaf.

JOE: But hel, Georgie, we were always friends. Sit daai damn ding in jou sak, Georgie . . . asseblief.

GEORGE: Olraait, as ons vriende is, dan vrek ons saam soos vriende, hu Joe? (*lag kranksinnig*) Hoekom lag jy nie, Joey; is dit nie 'n grap nie, hu?

JOE (*skor*): Hel Georgie, jy is so mal soos 'n haas! What have I done? I have always treated you like a brother.

GEORGE (*struikel nader*): O, jy weet nie wat jy gedoen het nie, Joey? Olraait, ek sal jou vertel wat jy gedoen het. Jy het my gecheat, hoor jy, gecheat. (*met ironiese bitterheid*) Hel Joe, ek kry mos ook dors jong. Hoe kan jy die water sommerso alles uitdrink. Ha . . . ha . . . ha,

demmit Joe, jy is 'n dêm uitgetrapte skelm. Maar jy kan my nie fool nie, Joëy, nie vir Georgie nie. (*Hy staan nou teenaan Joe, die rewolwer se bek na Joe se hart gerig*) Nou . . . nou gaan jy betaal, Joey.

(*Sy stem word hees en skor en 'n jammerlike gehoes skeur uit sy bors. Hy krimp inmekaar en struikel weg.*)
(*Joe maak 'n beweging om te help. George rig die rewolwer blitsvinnig op hom.*)

GEORGE: Bly waar jy is, Joe . . . as jy nie gouer wil vrek nie. (*hoes weer jammerlik*).

JOE: Georgie, let me help you. Jy is so siek soos 'n hond. (*vaderlik*) Georgie, gee my jou hand. Jou can trust me, Georgie, you can trust me.

GEORGE: Nee . . . jou . . . jou bleddie liar . . . (*hyg na sy asem*) Ek sal vrek, Joe, ek weet dit . . . maar eers jy, Joey . . . eers jy. (*Hy rig die rewolwer doelbewus op Joe*).

JOE (*deins terug*): Come on, Georgie, what's the matter, hu? (*George kom nader, haal die rewolwer oor*).

(*met vrees*) By God Georgie, wat het ek gedoen . . . Georgie . . . asseblief . . .

GEORGE: Shut up, jou fool, Niemand kan jou hier hoor nie . . . (*'n Knal volg. Joe gryp met 'n kreun na sy skouer en sak magteloos grondtoe. George trek die sneller aanhoudend, besete, onwillekeurig. Joe kom orent na die tweede skoot en slinger weg met 'n magtelose pynuitdrukking in sy oë. Dan tref 'n derde koeël hom. Hy struikel vorentoe. Eers as die vierde koeël hom tref, lê hy stil, in 'n misvormde hopie. Daar volg 'n skrikwekkende POUSE.*

George tree nader soos in 'n droom. Sy gesig is vertrek, sy hele liggaam bewe. Hy buk by Joe. Vir 'n oomblik huiwer hy, dan neem hy albei Joe se hande in syne. Dit duur slegs 'n sekonde. Hy kom plotseling orent, druk die loop teen sy slaap en trek die sneller.

'n Klikgeluidjie, die van 'n leë rewolwer, volg.

Verdwaas staar hy na die moordtuig in sy hand. Dan, plotseling dring die werklikheid tot hom deur. Met 'n gil werp hy die rewolwer weg van hom af.

GEORGE (*Terwyl hy wegslinger na die verre horison, is die woorde wat hy uitroep, rou angskrete*): Water . . . water . . . wa . . . ter!

(*Die lig het vir 'n oomblik verblindend opgevlam en toe allengs verdof totdat 'n diep, ondeurdringbare duisternis oor die toneel rus. Eers dan . . . sak die skerm . . .*

Die Eerste Keer

DAUDET, vertaal deur ANDRÉ P. BRINK

Die eerste keer dat ek mevrou Le Clerq ontmoet het, hét sy dadelik my aandag getrek. Die geleentheid was 'n gesellige onthaaltjie wat professor Landman vir my gereël het pas ná die publikasie van daardie tweede roman wat soveel opspraak verwek het. Ek was sy oudstudent en ek weet dat hy in die stilligheid my prestasie maar eintlik aan sy leiding tydens my universiteitsjare toegeskryf het; hy sou ook nie ver verkeerd gewees het nie.

Mevrou Le Clerq het laat ingekom. Ek het haar dadelik gesien en besluit dat ek haar moes leer ken. Sommige mense het 'n rare, amper magiese aantrekkingskrag: só was sy. Sy was taamlik lank, met 'n perfekte figuur en ek glo nie ek was ver verkeerd toe ek besluit het dat haar aandrok direk uit Parys kom nie.

Professor Landman het opgestaan toe sy in die drumpel bly staan.

„Mevrou Le Clerq!” Hy het haar galant die kamer ingelei. Sy moes blykbaar die ander gaste geken het, want hy het haar reguit na my gebring. „Kan ek u voorstel? Meneer Weber . . .”

Ek het haar hand geneem. Dit was ferm en welversorg. Haar naels was gekleur, maar op 'n manier wat dit nie aanstootlik gemaak het nie.

„Aangename kennis.” Haar stem was volmaak gemoduleer.

Dit was moeilik om haar verder te takseer. Sy was waarskynlik oor die helfte van die dertigerjare, moontlik al veertig: dis moeilik om te sê. Sy was swaar gegrimmeer en tog het dit my nie ooglopend of oordadig voorgekom nie. Haar hare, blond en taamlik hoog gestapel, was waarskynlik gekleur.

Ek het nie daardie aand veel met haar gesels nie. Sy het bietjie uitgevra na my roman en ek kon aflei dat sy dit wel gelees het (wat miskien meer was as waarmee heelwat van die ander gaste kon spog) — en dit gedoen het met 'n insig en kritiese oordeel wat my baie onervare laat voel het.

„'n Merkwaardige vrou,” het professor Landman terloops betuig ná sy weg was.

„Is sy 'n weduwee?” het ek gevra.

Hy het sy kop geskud. „Nee.”

Meer het ek nie verneem nie.

Twee dae later het ek 'n netjiese vergulde kaartjie, lig geparfumeerd, tussen my pos ontvang. Dit was 'n formele uitnodiging na 'n partytjie aan haar huis. Laat ek maar erken dat dit my bietjie vreemd aangedoen het. Inderdaad was ek bietjie teë, omdat ek juis besig was om die reis-indrukke van my vorige Europese toer bietjie te rangskik met die oog op 'n reisverhaal.

„Behoort ek te gaan?” het ek terloops aan professor Landman gevra toe ek hom 'n dag of wat daarna teëkom.

„Ongetwyfeld. Jy sal nie jammer wees nie. Weet jy waar sy bly?”

Ek het my kop geskud.

„Dis 'n boheemse kasteel in Houghton. Ek was twee keer daar.” Hy het bietjie skamper geglimlag. „Mens word nie véél soontoe genooi nie.”

Miskien stel sy belang in dienaars van die Muse, het ek gedink.

'n Week later is ek soontoe. Ten spyte van die professor se waarskuwing het die plek my oorweldig. Die huis was barok, in 'n tuin soos Versailles. 'n Bediende in livrei het die deur oopgemaak. Ek moes in die portaal wag terwyl hy die huis in verdwyn het. Daar was beskot teen die mure en ek glo dat die tapyt 'n fortuin gekos het.

Vyf minute later het die bediende teruggekom en my na 'n ontvangskamer gelei waar mevrou Le Clerq my self verwelkom het. Daar was nie meer as tien, twaalf ander gaste nie.

Ek sou die huis nie Boheems noem soos professor Landman nie. Aan die begin het ek dit wel gedink, maar die aand het my van opinie laat verander. Daar was geen sprake van dekadensie in die mense nie. Mevrou Le Clerq self — is dit nie vreemd dat ek selfs nou nog nie weet wat haar naam is nie? — het heelwat aandag aan my bestee.

„Het jy al weer met iets begin?” wou sy weet.

Ek het vertel van die reisverhaal.

„Hoe lank was jy daar?” wou sy weet.

„'n Jaar, hierdie keer. Voorheen was ek ook daar, natuurlik.”

Sy het geknik. Die lig het haar oorbelle gevang. Haar sjampanjekleurige aandrok was skouerloos en soos die

vorige keer het ek onder die indruk van haar volmaakte liggaam gekom. Tog is dit vreemd dat sy nooit 'n sensuele indruk gemaak het nie, asof daar 'n fyn vergeesteliking van die vleeslike was.

Sy het die fyn wynglasie tussen haar netjiese vingers gedraai. „Ek was in Dresden voor die oorlog,” het sy gesê. „Dit was 'n stad so mooi as die porselein wat hulle daar gemaak het. Nou bestaan hy nie meer nie.”

„Mooier as Parys?” het ek gevra.

„Parys?” Sy het haar mond bietjie geplooi. „Nou ja, Parys is, hoe sal ek sê? — dekadent, nè? Dis 'n mooi ontbinding. Ek sou sê dat Frankryk niks anders het as 'n verlede nie.”

„Was u lank daar?” het ek bietjie koppig volgehou.

„'n Paar jaar.” Sy het geaarsel. „Dit was voor my troue.”

Dit was die enigste verwysing wat sy ooit na haar huwelik gemaak het.

Dis onmoontlik om die hele gesprek van die aand weer te gee. Ek onthou net dat ek verstom was. In my dertig jaar het ek nog nie so 'n balans in 'n mens teengekom nie. Sy het met die grasia van 'n hertogin beweeg, die perfekte gasvrou gespeel en niemand afgeskeep nie. Die ete was nouliks te vergelyke met die beste wat ek in Frankryk of Duitsland geniet het.

Daar was iets looms, soos die invloed van duur, ou wyn, in mevrou Le Clerq. Sy was soos 'n Siamese kat: koninklik en grasioevol en gedistingeerd en soepel.

Maar teen die einde van die aand het sy 'n oomblik uit die ontvangskamer na die vertrek langsaan gegaan om seker te maak dat die canasta-tafeltjies gereed is.

„Kan ek nie help nie?” het ek opgestaan.

Sy het nie geantwoord nie, waarskynlik omdat sy al by die deur was en my nie gehoor het nie. Ek het bly sit, 'n rukkie probeer gesels met 'n dametjie naby my. Toe het ek my begin verveel en besluit om tog te gaan help.

Ek het in die deur bly staan om mevrou Le Clerq se aandag te trek; nie een van die gaste het my sien gaan nie.

Sy het daar by die venster van die groot, duur vertrek gestaan, die vingers van haar keurige regterhand liggies aan die gordyn. Sy het my nie gesien nie, want haar rug was na die kamer gedraai.

Dit moes ongeveer 'n minuut gewees het dat ek daar op die drumpel bly aarsel het, onseker of ek haar moet steur. Toe het sy onverwags omgedraai, asof sy van my teen-

woordigheid bewus geraak het. Ek mag my dit verbeel het, maar dit het my gelyk asof sy liggies skrik om my te sien.

„Ek het net kom kyk of ek nie kan help nie,” het ek so natuurlik moontlik gesê en nader gegaan.

Soos die eerste keer toe ek haar ontmoet het, het haar voorkoms my getref: die gekleurde, ligte hare, die keurige grimering, die grasia van haar rok. Haar skouers was rond en glad.

Maar daar was iets in haar oë wat my getref het, iets soos 'n leed wat nie weggesteek kon word nie. En soos sy daar by die venster met die kartelralies gestaan het, kon ek nie help om te dink dat sy gevange was nie: vasgekeer te midde van al die weelde.

Sy het onverwags geglimlag en haar donker oë het ligweg probeer opgewek lyk: „Nou ja, die tafels is gereed. Die gaste kan maar kom.”

Ons was presies genoeg vir drie tafeltjies. Mevrouw Le Clerq self het in die groepie skuins oorkant my gesit.

Die spel het my geboei. Net een keer, halfpad deur die aand, het ek vlugtig opgekyk. Daar was 'n sigaret in 'n fyn goue koker tussen haar vingers. Sy het nie na die spel gekyk nie, maar met haar kop effens skuins na die venster gesit, asof sy buite kon sien. En op daardie oomblik het dit my getref as pateties, amper as tragies: daardie middeljarige vrou met die duur grimering wat so met oorgawe probeer om jonk en dertel te wees tussen die weelde van haar bestaan.

Sy was egter 'n raaisel. Ek het later die aand weer met haar gesels. Sy het gepraat van die wêreldstede van Europa en van Amerika. Skuins agter haar, teen die muur, was 'n oorspronklike Degas. In die kamer langsaan het ek 'n Picasso gesien.

Met die vertrek, kort na middernag, het ek terloops gekyk na die boeke in pragbande agter die glas van 'n boekrak.

Daar was Flaubert en De Maupassant en Tolstoi, ook Goethe en Shakespeare.

Toe was ons verby.

Ek is ingedagte daar weg.

„Baie dankie,” het mevrou Le Clerq my nog by die deur gegroet. „Ek hoop jy het die aand geniet?”

„Van harte,” het ek verseker.

Sy het 'n oomblik geaarsel, asof sy nog iets wou sê. Die lig van binne het oor haar hare geval en skuins oor haar gerougede wange. Haar oë, donkerder en groter van mascara, het skuins verby my gekyk.

Toe steek sy haar hand uit. Haar vingers was lou en ferm. „Tot siens.”

'n Week later het die stad my gek gemaak en ek is kus toe om my boek klaar te maak. Vandaar is ek sommer direk oor Europa toe.

Daar het ek Leoné ontmoet. Sy was klein, soos 'n elfie, met bruin oë en donker hare. Dertig jaar wat ek was, en geharde oujongkêrel, het ek haar liefgekry. Maar dis nie Leoné se storie dié nie (sy sal my vergewe). Ons het verloof geraak en is saam terug.

'n Week ná my aankoms in Johannesburg het mevrou Le Clerq my weer genooi — saam met Leoné.

Dit was dieselfde weelde en elegansie (waarom het Afrikaans nie 'n woord vir *elegance* — die Franse — nie?) en duurheid van die vorige ondervinding. Dié slag was dit veral Leoné wat beïndruk is. Half tot my verbasing het mevrou Le Clerq besonder goed oor die weg gekom met my verloofde.

Net een keer in die loop van die aand het ek die gasvrou se oë op my gevoel vanwaar sy met Leoné sit en gesels het. Dit was 'n snaakse blik: amper met medelye en tog ook met iets soos minagting.

Oor die aand gaan ek nie uitwei nie. Mens kan net maar sê dat dit ryp was, soos herfs — as die winter amper aan die kom is, of soos kos wat bietjie te ryp is.

Skuins teen die end van die besigheid het ons drie 'n paar minute bymekaar uitgekome: ek en Leoné en mevrou Le Clerq.

„Het jy jou toer geniet?” het die gasvrou van my verneem.

Ek het begin uitwei.

„Wanneer lewer jy weer iets?”

„Ná ons troue,” het ek my skouers opgehaal.

Mevrou Le Clerq het lank stilgebly, met byna dieselfde uitdrukking van leed in haar oë wat ek die vorige keer gewaar het toe ek haar alleen by die venster betrap het.

Sy het ineens na my gedraai: „Glo jy aan 'n man se liefde?”

Ek was skoon verbaas. Toe het ek impulsief 'n arm om Leoné geslaan: „Natúúrlik!”

Mevrou Le Clerq het opgestaan, met 'n snaakse effense glimlaggie om haar lippe. Voor sy haar by die ander gaste gaan voeg het, het sy reguit in my oë gekyk en gesê:

„Ek glo nie daaraan nie.”

Mevr. Simons-Smees As Toneelskryfster

B. LE ROUX

Mev. Simons-Smees, een van die moderne, Hollandse toneel-skryfsters, het 'n diepgaande studie van die drama as kuns gemaak waarvan haar werke die stempel dra, en tog geniet haar werk nie die waardering wat dit toekom nie. Van haar toneelstukke is die volgende met groot sukses op die planke gebring:

De Veroveraar. Een spel van stemmingen in 5 bedriiven;

Atie's Huwelijk. Toneelspel in 4 bedriiven;

Een Paladijn. Fantastische comedie in 4 bedriiven;

Geloof. Drama uit den Hugenotentijd in 4 afdeelingen en 16 tafereelen.

Josine A. Simons-Smees gebore in 1863, stam uit 'n ou Rotterdamse geslag in wie 'n sterk pligsbesef, gepaard met 'n afkeer in alle uiterlike skyn, geopenbaar word. Die geslag was geneig om met allerlei gemoedsbesware en lewensprobleme te worstel wat alte dikwels tot oordrewe swaarmoedigheid gelei het. Hierdie eienskappe het die toneel-skryfster oorgeërf en word in haar werke weergegee. Deurgaans is sy die fyngvoelige waarneemster wat tot die diepte van haar karakters deurdring, en deur die fynste besonderhede haar persone voor ons op die toneel laat tree. Atie leer ons nie slegs ken deur haar handel en wandel nie, maar ook deur haar eenvoudige kleredrag wat haar innerlike weerspieël.

Hierdie oorweënd, fyngvoelige gemoedstoestand openbaar in die skryfster 'n uiterlike drang na 'n romantiese begeerte. Dit is juis wat haar werk laat beweeg, sfeer en vlug gee. Atie noem die blonde Willem van der Bank, haar held, „een Lohengrin”. Dwarsdeur Simons-Smees se werk voel ons daardie sterk verlange na romantiese gebeurtenisse: 'n verlange na die hoë berge, die eensame veld waan sy haar kan oorgee aan liefde en hartstog. Aan die seevlakte van Capri, omring deur die pragtigste natuur-tonele, verlang Atie om iets van die beroemde stad uit die tyd van Tiberius te verneem.

Die bou van die toneelskrifster se stukke is taamlik reëlmatig: in die eerste bedryf vind ons die eksposisie en motoriese moment wat die drama sy wending gee. Elke bedryf word deur 'n hoogtepunt afgesluit. Die botsing vind gewoonlik plaas aan die end van die vierde bedryf. Die vyfde bedryf is dan kort met die afwikkeling en die katastrofe aan die end.

De Veroveraar, 'n merkwaardige stuk, veraanskoulik die skryfster soos in al haar ander werke, die konflik as die stryd tussen burgerlike engheid en die drang na die lewe. In die eerste bedryf ontmoet ons die jong Atie, grootgeword in 'n eg-Hollands-puriteinse omgewing wat sy invloed op haar laat geld het. Aan alle liefdadigheidswerke is sy 'n getroue deelneemster; sy dra 'n uniform en is „aspirant-vegetariër.” Uiterlik en innerlik is sy 'n simbool van eenvoud, dog diep in haar binneste dra sy wel die besef dat haar natuurlike neigings gans anders is as dié van die mense om haar, en dit stem haar ongelukkig. By haar is die drang, die verlange na emosies, na 'n ryker en voller lewe. Sy ontmoet Willem van der Bank aan wie sy verloof raak. In Atie sien hy slegs die uiterlike raak en glo dat haar geaardheid met syne ooreenstem. Juis ten opsigte hiervan misgis hy hom. Hulle sou trou en die ontnugtering sou later kom, maar Frederik, Willem se half-broer, tree nou op die toneel. Hy is die beminlike „charmeur de femmes,” die „veroveraar” van wie Atie gedroom het. Na sy vry bandelose lewe in Parys keer hy na sy vaderland terug en hier ontmoet hy die skyn-eng, onskuldige nooi van sy broer wat hy in sy lokval moet kry. Hierdie „charmeur” is 'n kenner van die vrouesiel en ontdek die „ware” Atie. Hier kry ons dus die motoriese moment wat 'n gans ander wending aan die stuk gaan gee.

Die eerste bedryf sluit af met 'n hoogtepunt: Atie is alleen en sy begin Willem en Frederik te vergelyk. In die laaste se oë is daar iets wat haar trek; die „veroveraar” is besig om die vlieg na sy weg te lok. Die volgende bedryf open dan met 'n peripatie: in Atie se verhouding teenoor haar verloofde bestaan daar twyfel. Aan die end van die bedryf vind ons 'n verdere ontwikkeling: Atie is senuweeagtig; sy weier beslis om Frederik met Willem te bespreek. In die twee daarop volgende bedrywe kry ons dan die veroveraar se geslaagde pogings om sy doelwit te bereik; Atie het haar in Willem misgis. Hy is nie die gepassioneerde held van haar drome nie; haar natuur smag na 'n Frederik, die man vol passie. Aan die end van die vierde bedryf kry

ons dan die botsing: Atie skryf vir Willem af en Frederik ontlok haar die bekentenis dat sy hom liefhet. Sy verseker hom dat sy hom ook nie sal toebehoor nie; vir hom besit sy nie genoegsame agting nie. Maar Frederik is geduldig; hy voel verseker dat Atie se werklike natuur haar in sy arms sal voer. Die vyfde bedryf is kort en lei tot die afwikkeling en katastrofe; Frederik se liefde bevredig Atie nie; sy verlaat hom om haar verder aan liefdadigheidswerk toe te wy. Aan die begin van die stuk is Willem van der Plank die protagonis, maar later word Atie en Willem altwee die protagoniste en Frederik die antagonist.

Dit is min of meer die reëlmatige bouplan van Simons-Smees se toneelwerk. In *Atie's Huwelijk*, 'n vervolgstuk op *De Veroveraar*, kry ons op dieselfde wyse die ontwikkeling van die drama tot aan die slot van die vierde bedryf waar Atie tot haar grootste leed moet beseef, dat nieteenstaande Frederik se liefde vir haar, die kanker van ontrouheid nog steeds aan sy siel vreet. Die skryfster laat hier 'n ou „vlam” van Frederik op die toneel tree, naamlik die „grande coquette” wat uit skone jaloesie en om haar mag te beproef, 'n „amourette” met Frederik aanknoop. Sonder dat sy dit egter verder bring, is sy by magte om Frederik tot owerspel in die gees te verlei. Hierop kom Atie af. Die vyfde bedryf lei tot die katastrofe: Atie besluit om haar man nie te verlaat nie, nieteenstaande die feit dat sy teenoor hom verander het. Sy verwag haar eerste kindjie wat sy gaan opvoed volgens die ideaal wat sy aan 'n ware man stel.

Verder is kenmerkend van hierdie toneelskryfster, haar groot liefde vir stemminge, skakerings waarvan Vondel so baie gepraat het en wat ons veral in die dramas van Shakespeare teëkom, nl. die donker- en ligeffekte wissel mekaar af, dikwels so veel dat dit steurend word. *De Veroveraar* noem mev. Simons-Smees 'n stuk vol stemminge. Aan die begin van die stuk verkeer ons in 'n taamlike, opgeruimde luim: die verlowing van Atie en Willem waarvan so veel verwag word, maar dan werp tant Co skielik 'n donker skadubeeld oor die toneel. Sy vertel van juffrou Lütte wat so 'n moeilike lewe gelei het: sy was genoop om haar siek broers en susters op te pas, maar hierop volg weer die ligeffek: Willem en Atie verkeer in die roese-moes van hulle verlowing, maar dan kom tant Co weer aan dies woord met haar treurige liefdeservarings. So is hierdie stuk, soos al haar ander werk, vol ligskakerings. Die hoofstemming word egter donkerder tot aan die end van die drama waar die katastrofe bereik word.

In *Geloof* kry ons deurgaans hierdie ligskakerings wat ons op 'n beter toekoms laat hoop. Sy groot moed vir liefde en vrede wat Pasteur Henri Rousson telkens op die toneel openbaar, voel ons is 'n lig op die pad van die vervolgers wat hulle na 'n land van geluksaligheid sal voer. *Atie's Huwelijk* open met 'n taamlike donker stemming. Atie is besig om haar aan liefdadigheidswerk te wy om daardeur haar eie smart te bowe te kom. Na mate die gebeurtenisse hulle wending neem, verkeer ons in 'n ligter stemming. Die hoogtepunt van geluksaligheid word bereik waar Frederik en Atie, as man en vrou, tussen die pragtige natuuumgewings van Capri verkeer. Hiervandaan word die stemminge egter donkerder: die jonggetroude paar se huwelikslewe word vertroebel deur die „grande coquette.” Maar aan die end van die stuk is daar weer 'n opflikkering van hoop; Atie verwag haar eersteling, die band wat vader en moeder verder gaan bind.

Hoe doeltreffend hierdie ligeffekte ook mag wees, het dit dikwels 'n belaglike uitwerking. Tante Co se ontydige praatjies oor haar eie liefdesteleurstellings terwyl Willem en Atie in ekstase verkeer, het 'n onsimpatieke uitwerking op die gehoor. Die skryfster wil natuurlik hiermee die toeskouer se medelye vir die goeie tante wek, maar ongelukkig verkry sy net die teenoorgestelde effek: sy verwerk afsku vir haar karakter.

Verder let ons op mev. Simons-Smees se milieu-skildering. In *De Veroveraar* verkeer ons deurgaans in 'n eng burgerlike omgewing. Tante Co en Truus is besied met eng puriteinse idees wat hulle op Atie wil afdruk. Die huis is ouderwets gemeubileer en die twee tantes is in eenvoudige swart gekleed, selfs die jong Atie dra uniform. In *Geloof* beweeg ons weer in 'n vervloë, historiese tydperk waar ons die magtige dryfkrag, geloof, in die karakters van mense aan die werk sien. Sonder beskrywings of lang toesprake slaag die skryfster daarin om ons sommer dadelik te midde van die bloedige stryd tussen Katolieke en Protestante te plaas. Ons voel dat ons met die waardige burgers van Frankryk te make het, die ketters, die adel van die Franse volk wat die land uitstroom. Buite is daar die geroep van soldate: „Weg met de Hugenoten . . . vloek over de ketters!” Dis 'n tydperk van onrus, van opstand en deur die oproer en onweerswolke wat oor die Hugenote saampak, word ons onwillekeurig meegesleep. In *Atie's Huwelijk* wandel ons saam met die bedrukte heldin langs die eensame strand waar 'n verlate houthuisie op die

sandduin soos 'n oumens sit en droom. Dis deur sulke raak milieu-skilderings waarin die karakters 'n eenheid vorm waardeur die toneelskryfster daarin slaag om die regte stemminge by haar gehoor op te wek.

Ten slotte is Simons-Smees se stukke karakter-dramas. In *Geloof* vind daar skokkende gebeurtenisse plaas, en ons verwag lewendige aksie. Tog is die handeling nie soseer uiterlik as innerlik nie. Die uiterlike aksie vloei voort uit die innerlike gemoedstoestand. In haar voorwoord sê die skryfster:

„Dit drama beoogt niet een beeld te geven van een historisch tijdperk, maar wel in het beeld van een historisch tijdperk te doen zien de werking van zoo machtige drijfkracht als het Geloof in een verscheidenheid van karakters.”

Lewensgroot word die vredeliewende Rousson uitgebeeld. Die gevierde advokaat wat sy lot met die Hugenate ingewerp het en daardeur sy gesondheid prys gee. In hoë mate is hy onselfsugtig, offervaardig. Die lydende Christus is sy voorbeeld in sy eie lewensgang. Hy is die man met sielegrootheid, en juis daarom kom hy in botsing met sy omgewing, gaan liggaamlik onder, maar oorwin geestelik. 'n Tragiese figuur: die idee wat hom besiel is magtiger as die dood. Innerlik is hy besiel met geloofsgloed, maar uiterlik wag daar op hom 'n wêreld van skynheiligheid waarmee hy in botsing kom. Die uiterlike omstandighede verwoes hom, maar die innerlike, die ideaal lewe voort. Dit is juis die kerngedagte van die stuk.

Naas die tragiese held staan sy jong vroultjie, Angéle wat in die bloei van haar mooi jare die grootste ontberings moet verduur. Deur die worstelstryd groei sy uit tot vrou wat haar man tot op die laaste, met haar selfopofferende liefde bystaan. In die begin van die drama ontmoet ons Angéle, met die mooi naam en die mooi vrou, maar aan die end is sy die gebroke martelares, oud in ervaring, maar iemand wat gedra word op die vleuels van Geloof. Verder is daar die mensliewende vader Bordain wat sy eie lewe onveilig maak om beminlik teenoor die Hugenate op te tree. Daar is Isabeau, die veldkind, wat die vermoë besit om hemelse gesigte te sien en hoodskappe te ontvang. Lodewyk XIV tree op soos iemand wat geregtigheid wil laat geskied, maar word maklik in sy outoriteit gedwarsboom.

De Veroveraar is 'n merkwaardige stuk om die raakheid waarmee die toneelskryfster haar karakters uitbeeld. Net

soos 'n etser wat met nougesetheid elke strepie in sy prentjie bestudeer, net so ontvou die skryfster die diep-verborge geheime van haar mense. Frederik van der Bank is 'n man met sekerheid in sy optrede, 'n sekerheid wat gebaseer is op sy sukses met vroumense. Hy is die Belial wat met fyn arglustige plannetjies sy prooi in sy net lok. In Atie lewe die puriteitintjie, die romantiese dweepstertjie, die vroukje vol liefde en vergewensgesindheid. As kontras teenoor Frederik, staan sy broer Willem, bedaard en manlik. Tantes Co en Truus is replikas van die eng Hollandse tipes, goehartig en lief, altyd bereidwillig om almal in nood met simpatie en hulp by te staan.

Nog slegs 'n algemene opmerking: mev. Simons-Smees probeer deur selfopenbarings haar karakters van alle sye te belig. Dit kan voortreflike gevolge hê, maar daar is een gevaar daaraan verbonde, en dit is dat die skryfster dikwels mee gaan praat om haar persone te gaan verklaar, en daardeur verloor die karakters vaak hul waarskynlikheid. As voorbeeld noem ons die gesprek uit *Atie's Huwelijk* tussen mev. Houwaert en Atie. Dit is myns insiens 'n verbluffende onwaarskynlikheid. So 'n rustige redekawel tussen die twee vrouens nadat Atie Frederik se ontrouheid ontdek het, is onoortuigend.

Afgesien hiervan besit mev. Simons-Smees die gawe om op rustige wyse spanning by haar toeskouers op te wek. In haar werk is dit uiters moeilik om te bepaal wat vooruit gaan gebeur, of hoe sy 'n oplossing vir die gekomplekseerde lewensprobleme gaan vind. Uit elke bladsy van haar stukke straal die realiteit ons toe; dwarsdeur haar dramas het ons te make met eg-Hollandse karakters onder Hollandse omstandighede en in 'n Hollandse omgewing.

Bibliografie:

1. Simons: DRAMA EN TONEEL.
2. Frans Mijnsen: OVER TONEEL.
3. ATIE'S HUWELIJK.
4. DE VEROVERAAR.
5. GELOOF.
6. EEN PALADIJN.
7. ZIJN EVENBEELD.
8. EEN MOEDER.
9. ST. ELISABETH.
10. VAN HOOGTEN EN VLAKTEN.
11. DE NIMF.
12. HET EINDE.
13. KASBLOEM.
14. LEVENSTROOMINGEN.
15. DRIE SPELEN VAN DROOM EN LEVEN.

Boekbespreking

GEDIGTE van Eugène Marais.

A. E. Thorpe (vertaler). (Van Schaik, 1956, 12/6).

By die eerste oogopslag, afgaande op die titel, lyk dit of ál Marais se gedigte in hierdie aantreklike uitgawe vertaal is, maar dis slegs 'n vyftiental, waaronder gelukkig *Maklo-a-Naledi*, 'n vroeë gedig wat nie in *Versamelde Gedigte* opgeneem was nie.

Die keuse en veral die volgorde is taamlik willekeurig en 'n mens wonder partykeer watter beweegredes die vertaler vir die weglaat al dan nie van bepaalde verse gehad het. As die reeds (deur Marais) „omgewerkte” *Don Quixote* as aanvangsgedig gekies word — in plaas van *Die Smid* — dan kon die eweneens omgewerkte *Diep Rivier* gerus ook vertaal geword het, veral as aanvulling tot *Skoppensboer*. *Eonone* is wyslik oor die hoof gesien, asook 'n klompie van Marais se minder ernstige probeerslae, maar dan was *Staan*, *Poppie*, *Staan* ook onnodig en kon die vertaler veel liever *Laladini*, met sy folklore en stroommotief (vgl. *Mabalél*) aangedurf het. *Is daar nog trane?* ontbreek, dog dis nie so 'n groot verlies as *Sonder betaling* nie, 'n gediggie wat m.i. nie alleen van Marais se suiwerstes is nie maar tegelykertyd een van sy seldsame momente van lewensaanvaarding vertolk en gerus deur elke skoolkind van buite geleer kan word. Verder sou ek

Die Woestyn-lewerkie en *Hart-van-die-Dagbreek* saamgegroepeer het, want dié twee vorm 'n soort beurtsang, enersyds van die Boesmanmeidjie Nampti en andersyds van die leeurikkie — vermoedelik ons eie vaal koestertjie — genaamd Gampta.

Om tot die vertalings self te kom. Noodwendig moet elke vertaler iets prysgee, veral as dit poësie is en des te meer as ons sy weergawe van dié vir ons vroude en geliefkoosde gedigte onder die vergrootglas neem. *Winternag* is 'n uitdaging aan die vaardigste pen, en die resultaat hier is nie sonder meriete nie. Ek meen die onsterflike reëls „so wyd as die Heer se genade/lê die velde in sterlig en skade” is onverbeterlik weergegee met: „Like God and His grace without end / So the plains in the starlight extend”. Maar die gesigsbeeld van die „brande” en die sinekdogee in die „grassaad aan roere” gaan weens die vertaling verlore, terwyl die woordjie „bleak” — visueel sowel as akoesties herinnerend aan barheid — moontlik 'n aanwinst vir die Engelse teks kon gewees het (dit verskyn wel, as blote rymwoord, in *Klaas Vakie*).

Geslaagd lui die vertaling van die reëls „op haar kop die kruik gelig / in gediensstig' ewewig” uit *Mabalél*, soos volg: „On her head the pitcher light / Dutifully held

aright." Passasies soos „Stop! Wait! Mabalêl," 'n „topsy-turvy scene", en „Rouse and waken, Mabalêl" skiet egter almal tekort by die oorspronklike lesing. Dis nie ál voorbeelde van 'n vertaler se swaarkry nie. Geen vertaling kan bv. ooit reg laat geskied aan 'n reël (uit *Die dans van die Reën*) soos: „en haar koperringe blink in die wegraak van die son" nie. Mnr. Thorpe se weergawe: „And her ringlets gleam as the sun disappears" het te veel van 'n finaliteit. Daardie „lingering moment" terwyl die son nog aan die ondergaan is, kon hy dalk beter weergegee het deur 'n teenwoordige deelwoord te gebruik, sy dit dan: „And her ringlets gleam in the disappearing sun."

Die slotreëltjie van *Die Woestyn-lewerkie* („Ek sien jou!") voel ek eerder aan as 'n (afskeids)groet, en die Engelse „I see you" is mat en betekenisloos in verhouding tot die res van die gedig. „I greet you!" of selfs „Good-bye now!" sou daar eerder gedeug het. Wat *Klaas Vakie* betref, sou ek nie *The Sand Man* nie, maar wel veel kinderliker *Willie Winkie* aan die hand wou gedoen het.

Lees ons die vertalings sonder om gedurig oor en weer te vergelyk, dan tref dit hoe gaaf die Engelse gedigte op sigself is, volkome volwaardige poësie. Dan val al die tekortkominge wat 'n tekskritiese vergelyking aan die lig bring, vanself weg. Om die rymskema en selfs die metrum so getrou te kan navolg, moet die vertaler hom kon beroep het op poëtiese aanvoeling, op woord-beheer en vindingrykheid. Daarvan gee mnr. Thorpe, as herskepende digter, oorfloedige blyke. Vandaar dat ons hom dankbaar

is, boonop omdat hy 'n geniale digter aan Engelstaliges voorgestel het en aan ons — die nageslag — opnuut fasette van Marais se digterskap ontbloom het.

J. KROMHOUT

DIE AFRIKAANSE VOLKS- LIEDJIES.

In 1956 was dit 'n eeu gelede dat daar 'n boek verskyn het met die Franse titel: *Chants populaires des Flamands de France* (Volksliedere van die Vlaminge van Frankryk) van die hand van Edmond de Coussemaker uit die Suid-Vlaamse dorp Belle in Noord-Frankryk. Merkwaaardig genoeg het die boek op bevel van Napoleon III ontstaan en is dit onder beskerming van die Franse minister van onderwys uitgegee. Deur hierdie uitgawe is die uitsterwing van 'n aantal mooi, partymaal baie snaakse Nederlandse volksliedjies uit die Weshoek by Duinkerke verhoed. Die Vlaamssprekende bevolking van hierdie streek het in dié tyd reeds twee eeue van verfransing ondergaan. Nog een, miskien twee geslagte en dit sou te laat gewees het, hoe taai die lewe van die volksliedjies ook al mag wees. Hoe wrang klink vir ons feitlik al die selfbespotting, as die Weshoekers sing:

„Te Duinkerkerk gaat het al
verkeerd,

De meisjes zijn in 't frans
geleerd!"

Hierdie liedjie laat my dink aan 'n selfde toestand in die Kaapprovinsie, 'n halwe eeu gelede, toe die bekende „Onze Jan" Hofmeyr in sy toespraak van 5 Maart 1905 in Stellenbosch moes vasstel dat die dogters uit Hollands-Afrikaanse gesinne op die

seminaries „in 't Engels" geleer word tot hulle liedere toe. En nog meer dink ek aan die verontwaardiging van die Patriotdigter Hoogenhout wat uitgeroep het:

„Engels, Engels! Alles Engels!

Alles wat jy sien en hoor!"

Dit was seker nie die regte klimaat waarin die eie volkslied kon bloei nie. En tog het die vaders en moeders van hierdie bedreigde Afrikaanse skooldogters nog die beskikking gehad oor 'n groot aantal volksliedjies, half-Hollands en reeds half-Afrikaans, en het hulle nie alleen die liedjies gesing nie, maar ook die woorde daarvan versamel in die sg. liedjies-boeke. En as u nou vra, wat daardie jong mense saam gesing het as hulle bymekaar gekom het, dan is die antwoord maklik om te gee: dieselfde liedjies wat ander jong mense van ander volke sing. Partymaal ernstige, meestal vrolike of snaakse liedjies. Die hoofonderwerp was natuurlik die liefde. Dit gaan oor die verlange van 'n jongkêrel om by sy nooientjie te wees, soos in die Seties:

„Japie wil vir Ellie hê,

Ellie wil vir Japie hê.

Hoe sal ek maak om daar te kom."

Of oor die ontrou van een van twee partye, soos die van die vryer Gertjie, in die bekende:

„Wanneer kom ons troudag, Gertjie?"

Of die omgekeerde geval, in:

„Hier sit ek onder die hoogte

Met trane in my oë."

'n Mens vra jouself af, hoe dit steeds weer moontlik is, dat daar ondanks die periodes van onverskilligheid en onbegrip teenoor die eie volkskuns, altyd 'n deel daarvan nog gered word. Frans-Vlaandere het sy Edmond de

Coussemaker gehad, die Nederlandse eiland Terschelling sy Jaap Kunst, om maar twee voorbeelde te noem. Maar albei was deskundiges op hierdie terrein en kon behalwe die woorde ook, en dis vir die volkslied mos die belangrikste, die wysie opteken. Suid-Afrika was in die bedreigde jare nie so fortuinlik nie. 'n Werklike poging om die volksliedereskat (met die note) op te teken is pas in 1918 onderneem deur S. P. E. Boshoff en L. J. du Plessis. Wel het die Hollander Hendrik Muller al in die tagtiger jare ter illustrasie van sy reisverhaal in die Transvaal 'n paar liedjies genoteer en kan 'n mens 'n paar voorbeelde vind in die *Hollandse-Afrikaanse Liederbundel* van dr. N. Mansvelt uit 1907 en die dissertasie van F. Schonken van 1910. Ook latere proefskrifte oor die volkslied, hoewel hierin die aandag meer op die tekste gerig was, bv. van S. J. du Toit en I. D. du Plessis, bevat 'n aantal notevoorbeelde. Maar die beste kans het darem die redakteurs van die liedererversameling gehad wat in 1937, na jare van voorbereiding, deur die F.A.K. uitgegee is en wat die grootste verspreiding in Suid-Afrika gekry het wat ooit 'n liederbundel gehad het, of selfs ooit miskien sal kry: die *F.A.K. Volksangbundel*. Maar dié uitgawe het, wat die werklike Afrikaanse volksliedjies aangaan, jammerlik te kort geskiet. Dit bly vir my nog altyd onverstaanbaar, hoe die redaksie probeer het om tientalle vreemde liedjies met nuwe of vertaalde tekste te bestel, terwyl daar honderde eie volksliedjies, geestelike sowel as wêreldlike, nog onder die Afrikaanse volk bekend was.

Die eer dat sy op die bestaan van al dié liedjies die aandag gevestig en ook die moeilike versamelwerk begin en tot vandag voortgesit het, kom toe aan mev. Jo Fourie van Johannesburg. In 1935, dus nog drie jaar voordat die Groot Trek-herdenking die belangstelling vir die volkseie verskerp het, het sy begin rondry in Wes-Transvaal, later ook in andere dele van die Unie en het sy honderde sang- en danswysies, met of sonder woorde, in haar noteboekies opgeteken. Kort voor die Tweede Wêreldoorlog het mnr. Willem van Warmelo ook met daardie speurderswerk begin en 'n belangrike aantal Liederwysies aangeteken, terwyl hy vandag in en buite Kaapstad, geïnspireer deur die werk van dr. I. D. du Plessis, ondersoekinge doen by die Kaapse Maleiers en die Griekwas. As derde in hierdie verband tree sedert 'n paar jaar die jong komponis Cromwell Everson op, wat in die volkslied na 'n eie, Afrikaanse idioom soek.

Van verskillende kante hoor ons vandag stemme wat die Afrikaner uit sy selfvoldaanheid in die kulturele lewe wil wakkermaak. Prof. H. B. Thom het dit in sy Oktoberrede tydens die F.A.K.-kongres in Bloemfontein gedoen.

MENS EN SKEPPER, deur R.

K. Belcher. (Pretoria, 1956.)

Soos byna alle terme wat in die literatuurwetenskap gebruik word, hou die term „oorspronklikheid” — hoe moeilik definieerbaar dit ook al is — 'n waardeoordeel in. Hierdie ontglippende kwaliteit ontbreek in die bundel onder bespreking. Sonder die Dertigers en Opperman sou die bundel nooit ontstaan het nie en

derhalwe kan ons hier praat van „herleide poësie.”

Soos die titel aandui, gaan dit veral om die verhouding tussen die mens en sy skepper, maar met 'n tikkie selftrots oor die besef dat die digter ook skepper is. Die digter word dan sowel 'n „geroepene” as 'n „vervloekte,” belaaï met 'n swaar las maar daardeur tog anders as die gewone mens. Elkeen wat die poësie van die Dertigers ken, sal dadelik besef dat die jong digter hom hier begewe het op 'n terrein wat al haas platgetrap is. Die swakste modepoësie van Dertig wemel van hierdie gedagtes. Maar Belcher se verse vertoon nie die „stryd met God” nie, is minder fel en geforseerd; die nugterheid laat mens soms aan Opperman dink:

Vanaand uit elke katedraal en
huis,
klipkerkie, sinagoge en
moskee . . .

En:

saans in die geel kring van 'n
kers se lig
die skugter woorde van 'n
kort gedig
hul weg vind na papier: klein
stukkies God.”

Van Dertig kom modewoorde soos: „my klein gebed,” „my bitterhede en my wee” en die voorliefde vir die beklemtoonde aanwysende voornaamwoord. Ek meen dis Rilke wat gesê het die jong digter moet vireers wegbly van die ouer digvorms soos die sonnet omdat die gevaar dan veel sterker is dat hy in die skaduwee van die grotes gaan bly. Dit geld natuurlik in nog sterker mate van idees, want die debutant moet al heel selfversekerd wees as hy onmiddellik begin kompeteer met gevestigde figure.

E. LINDENBERG

KORAAL VAN DIE DOOD, deur Ernst van Heerden. (Kaapstad/Amsterdam, 1956.)

Soos ook die geval is met die vroeëre bundels van W. E. G. Louw, word Ernst van Heerden se digterskap aanvanklik sterk bedreig deur maniërismes en deur 'n neiging tot weekheid en „mooiskrywery.” Beide digters het genoeg selfkritiek aan die dag gelê om hierdie neigings te beveg. Ons sien dit o.a. aan die teksveranderinge in die derde druk van Van Heerden se *Verklaarde Nag*, wat almal verband hou met die weglating van verboë vorme van die adjektief. Maar ons merk dit ook aan die gebruik van „gespiede” en „harde” beelde, matematiese terme en 'n toenemende konkreetheid. Die volkome ewewig tussen die „romantiese” (om maar 'n vae aanduiding te gee) en die „nugtere” het die digter nog selde gevind en op die oomblik dreig die gebruik van die „harde” terme weer om te ontaard in 'n nuwe mode. In *Tennis spel* het hy bv. nie aan hierdie gevaar ontkom nie en word die metaforiese spel te pretensieus.

Tog het Van Heerden in hierdie bundel 'n aantal pragtige gedigte geskryf, terwyl min gedigte sonder mooi opflikkerings is. Ons wys hier slegs op die heerlike swier van die „Pavane vir 'n gestorwe prinses,” die ligte aanslag van die klankbord in *Valskerm-springers* met sy pragtige fantasie, op die mooi siening in *Slak* met sy raak woordkeuse wat suggestief werk. Daarnaas tref ons gedigte aan wat direkter emosioneel is, veral die in memoriam-gedigte en die Bybelse portrette. *Koraal van die Dood* is, ten spyte van die klein omvang,

'n representatiewe bundel wat verskillende digvorme bevat en uiteenlopende stemminge. Myns insiens is dit ook die digter se beste bundel ná *Verklaarde Nag*.
E. LINDENBERG

SILLO IS KRANK; VAN MENSE EN GODE, deur D. F. Malherbe. (IN DIE NAMIB. Johannesburg, 1956.)

Van die drie stukke in hierdie bundel is eersgenoemde en laasgenoemde versdramas, die middelste die geskiedenis van Baukies en Philemon in heksameters.

Silo is krank is 'n verwerking van die Bybelse verhaal van Eli en sy seuns. Malherbe maak daarvan 'n liefdesgeskiedenis waarin Hofni verlief raak op 'n vrou van Kanaän, Ohola, en so die haat opwek van 'n vroeëre geliefde, Sarat. Sy neem wraak deur by die oudstes van die volk Hofni se ontwyding van die offerdiens bekend te maak. Voordat Eli egter oor die straf besluit, word sy seuns met die ark gestuur na die slagveld. Daar word beide gedood en die ark deur die vyand gebuit. Malherbe het dus heelwat byborduur op die Bybelse verhaal, maar deur die liefdesintrige ontnem hy aan die verhaal alle godsdienstige oortuiging en kan mens nooit werklik voel dat Hofni sonde doen en sy volk se ondergang bewerkstellig nie.

Die versvorm is hier, soos ook in *In die Namib* ('n fantasie oor 'n vroeëre ryk in Suidwes) haas onverteerbaar vanweë die swaar kruie wat Malherbe gebruik: die taal is opgeskroef, „boekereg” en „digterlik” en wemel van retoriese beelde.

Dis nogal ironies dat by *Van Mense en Gode* die inligting verstrekkend word dat dit geskryf is „in

Afrikaanse heksameters," want die stroewe verse skyn geskryf te wees in 'n vreemde taalvorm met 'n Afrikaanse woordeskat en uitspraak.

E. LINDENBERG

NUWE STORIES VAN RIVIER-
PLAAS, deur Alba Bouwer.
(Nasionale Boekhandel Bpk.,
Kaapstad, Bloemfontein, Jo-
hannesburg, 1956. Pp. 137;
13s. 3d.)

Eweas in *Stories van Rivierplaas* het Alba Bouwer hier 'n besonder geslaagde beelding gegee van die laerskooldogter Alie. Haar ideale is nog onverander: om met pronk haarvlegsels te kan spog, om deur haar voortande te kan spog en om dik bene te besit as kompensasië vir haar naam Alie Spykerboud.

Alie is 'n tipiese kind van die veld en haar lewe is so spontaan soos die plaasmilieu waarin sy haar bevind. Teenoor haar staan Lulu, die stewig geboude dogter, vol avontuurlus; ou-Melitie is die simpatieke bediende met 'n besondere insig in die kinderhart; en die grootmense: almal lewensgetrou en eg uitgebeeld.

Dit is 'n aangename verhaal oor jong meisies wat tegelyk 'n aanwinst vir ons letterkunde is.

Die fris dialoog doen egter nie so eg aan soos byvoorbeeld die taal en styl van Boerneef in sy *Boplaas* en *Teen die helling* nie. Alba Bouwer se taal is nie altyd suiwer funksioneel nie — dit skep die indruk dat sy die gesprekke afgeluister het om sodoende met raak gesegdes en ongewone wendinge die frisheid van die taal te verhoog. Die taalgebruik is soms by haar iets afsonderliks, iets wat nageaap kan word — dit is nie funksioneel onafskeidelik deel

van die hele vertelling soos by Boerneef nie. Die gevoel ontstaan dat die taaleienaardighede soms ter wille van effek aangewend word en nie noodwendig uit die karakter en die situasie groei het nie.

M. S. DU BUSON

TEEN DIE HELLING, deur Boerneef; Nasionale Boekhandel Bpk., Kaapstad, Bloemfontein, Johannesburg, 1956. Pp. 78; posvryprys 10/3.

Die kernkragtige Afrikaans, die onopgesmukte Boerneef se styl, die ewigheidsin van die inhoudlike maak die verskyning van *Teen die Helling* van Boerneef 'n besondere gebeurtenis. Dit is weer eens Boplaas se mense en Boplaas se hunkeringe wat in die werk verder uitgebeeld word maar met 'n weldadige frisheid en natuurlikheid wat Boerneef as een van die suiwerste Afrikaanse prosaïste bestempel. Die lewe is „'n hunkering verby die stoflike na 'n Boplaas."

Die werk is 'n versameling sketse, kortverhale en Nama-kwalandse rympties.

Die sketse openbaar dieselfde frisheid as die voriges in *Boplaas*, maar met 'n verhewigde aksent op die verlange na die jeugmilieu. Boerneef is Andries Harlekyn in die titelskets, die misplaaste stedeling wat hunker na die verlore jeugwêreld, maar wat tog ook daarin nie meer sal pas nie:

„Jy sê, Andries Harlekyn, jy sê jy sal nie meer daar aard, doer ver waar die dynserigheid lê nie?"

„Nee, Baas; ja, Baas; nee, Baas. Waar sal ek aard? Waar sal ek aard? Hier op aard, leed voor't hart, waar sal ek aard?"

Hoor hoe gaan die spookvoëls te kere?"

Die lied van die jong bokkie is 'n heerlike hekeling in 'n goedige toon van die taalverknouiing en -verwarring. Die taal moet funksioneel aangewend word met krag en klank wat eie is.

Ahimaaz en Cuschi is 'n mees-terstuk van kinderlike onskuld en egtheid, „speletjies maak van Bybelname" soos Vader dit stel. *Maar waar's die paljas?* is 'n ongekunstelde weergawe van die kleurlinggelofies en hulle rasegte taal: „Moet net nie verbokke-reerd raak nie, my ou seuntjie . . . ek wil nog die uil sien wat my sal trumaak van boontjiesop af as ek moeg en hongre is."

Nuwe hoogtepunte in hierdie werk van Boerneef is sy kuns-verhale, w.o. *Klara Mentoer* en *Buurskap*. Laasgenoemde is 'n diep-skrynende menslike verhaal, deurspek met boerehumor, met dieperliggend die menseleed en -verskeurdheid. Dit is een van die suiwerste kortverhale in Afrikaans wat tegnies en stilisties aan die hoogste vereistes beantwoord.

Alhoewel die *Namakwalandse rympies* ook verfrissend aandoen, veral die Dirk Ligterliedjies, is hierdie afdeling minder geslaag as die sketse en verhale. Dit moet veral gewyt word aan die onpersoonliker karakter van die „rympies," waardeur die skrywer self meer op die agtergrond moet beweeg.

Die boersheid van die taal word vir geen oomblik vergeet nie: dit is te seldsaam eg om na die agtergrond geskuif te word: „Hot-not-se-kjend — peperkorreltjiekop — boepens-dik-kaiings!" „Die vaaljapie het my net mooi warm-

ketting gebantom." „Ek sal hoe-ka nie meer daar aard nie." „Pilsier is moeggeit se dood, my grootbaas." So ruis die woorde, die taal en die styl van Boerneef jou teen, bladsy na bladsy, paragraaf na paragraaf, sin na sin.

Teen die helling het ons letterkundige produksie met 'n juweel verryk: 'n werk wat enige vergelyking met die digwerke en drama-skeppinge van 1956 gunstig kan deurstaan.

M. S. DU BUSON

GERMANICUS, deur N. P. van Wyk Louw (Nasionale Boekhandel Bpk., Kaapstad, Bloemfontein, Johannesburg, 1956. Pp. 116; posvryprys 17/-.)

In die Griekse dramas word die tragiese verwerklik deur geweldige storms wat oor die hoof van die mens woed; hy is die speelbal van reusagtige kragte, en as hy dit nie besef nie, as hy die grense wat deur die lot aan hom gestel is, oorskry — met opset of per ongeluk, is die rampe nie te oorsien nie. Die held bots teen 'n mag wat groter as hyself is. Die geskeidenheid van die ooreenheid, die absurde van alle syn, is die wese van die tragedie; die held, die losgemaakte uit die eenheid van die heelal, probeer om hom weer met die kosmos te verenig, maar hy, van wie menslikerwys nog veel verwag kan word, moet ondergaan.

Hierin het Van Wyk Louw se versdrama *Germanicus* nie vol-doen nie. Nadat gedeeltes daarvan 'n paar jaar gelede in *Standpunte* verskyn het, is dit verlede jaar as hoorspel deur die S.A.U.K. aan-gebied. As hoorspel kon dit nie slaag nie weens die groot aantal deelnemers en die gevolglik ver-warrende ontwikkeling hoofsaak-

lik in die eerste tonele in Germanië. Hoë verwagtings is ge-koester met die aankondiging van die publikasie van die werk.

Germanicus self is die losgemaakte uit die kosmiese eenheid vanweë sy verzet teen die voos toestande in die Romeinse ryk onder keisers Augustus en Tiberius. Menslikerwys is nog veel van hom verwag, inagnemende sy heldedade aan die front in Germanië. Hy is nie die tragiese held wat deur innerlike verskeurdheid gefolter word en wat deur botsende magte heen en weer geslinger word nie. Hy is die krygsman met „ses groot oorwinnings in Germanië” op sy kerfstok; hy is bewus van die toestande van verval in Rome en is vervul met die drang om te hervorm, want „die wêreldvuil het oor ons toegesak.” In plaas daarvan dat Germanicus heldhaftige pogings aanwend om hom met die kosmos op ’n hoër, hervormde vlak te vereenselwig, is hy die persoon „deur wie se wil so baie barste loop.” Wanneer hy hom in die teenwoordigheid van Tiberius bevind en wanneer ons hervormingsoptrede van hom verwag, verneem ons slegs by herhaling die versoek dat hy toegelaat moet word om te rus: „Neem van my weg die swaar las van moethers. Ek lê die veldheersmantel voor U neer en wil net mens wees . . .”

Germanicus aanvaar die benoeming as operbevelhebber oor die Ryk se besittings in die Ooste, en Piso word goewerneur van Assirië. Die komplot van Livia Augusta en Plancina (Piso se vrou) om Germanicus geleidelik te vergewe, word hier in die Ooste ten uitvoer gebring. Ongelukkig oortuig verskeie optredes hier

nie: Agrippina (vrou van Germanicus) wat in Germanië die vurige „tier se wyfie” was, is hier in Assirië die lydelike toeskouer van haar man se agteruitgang. Sy wat „nie bang is vir bloed soos vroue” nie, verroer nou geen vinger nie. Sy verwyt Plancina oor die vergiftiging van Germanicus se voedsel maar doen niks om die proses te beëindig nie. Germanicus weet dat hy gaan sterwe ten gevolge van die vergiftiging maar tree nie op om sy dood te verhinder nie. As Piso hom verseker dat die siekte sal ophou as hy iets *doen*, want hy (Piso) „kan dit keer,” is Germanicus slegs vasbeslote om nie na Rome as keiser te gaan nie. Vir hom bestaan die keuse slegs tussen enersyds „kleinlikheid,” nl. om Piso se advies te aanvaar en as heerser na Rome te gaan en andersyds om lydelik in die korrupte toestande te berus en „te sterwe.” Die derde moontlikheid moes o.i. nie uitgesluit gewees het nie — dit sou intendeel voortgespruit het uit die karakters van Germanicus en Agrippina (na aanleiding van die tonele in Germanië): die keuse om tot die daad oor te gaan om sodoende bo die kleinlikheid uit te styg.

Die katarsisbegrip kom nie in *Germanicus* tot sy reg nie — hier is geen innerlike verskeurdheid wat oorwin word selfs in die dood nie. Hier is slegs ’n handhawing van die eie standpunt van afsydigheid teenoor die verrotte beskawingstendense van sy tyd, ’n passiewe veroordeling daarvan, as gevolg waarvan hy ten onder gaan. Die noodlottige verloop van die tragedie is o.i. nie onafwendbaar nie. Die transendentale einde van hierdie spel word deur Van Wyk Louw gesuggereer. Hoewel

Germanicus „sterf aan hierdie tyd” en weet dat hulle „groot ras sal doodloop in die sand,” word sy sterfte „’n opstand teen die Ryk” en sien hy visionêr dat „iets mensliks êrens skemer . . . dalk is ‚Romein’ ook nie die laaste woord.” Nie slegs woorde nie, maar dade sou oortuig het van Germanicus se tragiese ondergang as held in hierdie drama. Sy dood gryp ons nie aan as ’n faktor tot die omvorming van die Romeinse ryk, as ’n sterfte-tot-die-lewe nie. Sy digtersgees wat die sterre bestudeer, is geen verksoning waarom sy ondergang nie groots geskilder kon word nie, want hy was nie slegs die myme-raar nie, maar ook die krygsman, die man van die daad in Germanië.

Die verantwoordings deur die tragiese held van sy diepere sinsnood is nie oortuigend verbeeld nie. In die benouende begrensing wat met sy oneindige verlangens kontrasteer, word die grond van die tragiek gesoek. Die tragiese held kan nooit uit ’n selfvernietigingsdrif te gronde gaan nie — Germanicus berus lydelik in die eie vernietiging; kragtens die lot en vrye wilsbeslissing moet hy in ’n konflik betrokke wees waaraan hy hom nie kan onttrek nie, daarom is hy gedoem om te beswyk. Die paradoksale in die verloop van die tragedie, die tegelyk onberekenbare en onontkombare einde, is hier nie oortuigend uitgebeeld nie.

Die held in *Germanicus* is onskuldig omdat hy ’n hoë orde ontdek het, maar hy is nie tegelyk skuldig nie: hy skend nie die gegewe orde ter bereiking van die hoë orde nie, maar onttrek hom daaraan. Hierin, in die feit dat die tragiese held skuldig-onskul-

dig gebeeld moet word, het Van Wyk Louw nie geslaag nie. Die tragedie is nie moontlik in die geval van die held wat die begrensing transendeer nie.

Hoewel die voorgenoemde tekortkominge afbreuk doen aan die „wêreldformaat” van *Germanicus*, moet ons die klem laat val op dié eienskappe wat die drama tot die beste in Afrikaans laat tel: die meesterlike skildering van die voos en verrotte toestande in die Romeinse ryk in die begin van die Christelike jaartelling; die forse karakterbeelding in die persone van Livia, Tiberius, Piso en Thusnelda; die konflikte wat met volgehoue intensiteit gehandhaaf is: tussen Piso en Germanicus en tussen Livia en Thusnelda.

Die uitgewers het weer eens gesorg vir ’n keurig versorgde uitgawe.

M. S. DU BUSON

DIE GOUE KRING, ’n legende in vier bedrywe deur Uys Krige; tekening deur Francois Krige (A. A. Balkema, Kaapstad, 1956. Pp. 129; 15s.)

Met die herskepping van die laat-middeleeuse legende onder die titel *Die goue kring*, het Uys Krige ’n besliste bydrae tot ons literatuur gelewer. Met die benaming „legende” in plaas van „drama” het die skrywer die logies kritiese benadering uitgeskakel. Die legende beweeg op ’n irrasionele vlak; gevolglik moet die kritiek nie suiwer op rasionele gronde gebaseer word nie.

Die vereistes vir die drama moet egter ook hier toegepas word aangesien dit vir opvoerdoeleindes aangewend moet word en die stuk gevolglik deur sy logiese ontwikkeling en spannings-

verloop die gehoor enduit moet boei. Vooraf dien dus enkele punte van kritiek.

Die ontwikkeling van die drama word in 'n paar gevalle onnodig vertraag. Die hooftema, die goue kring van lewe en dood, die aanvaarding deur die mens van hierdie goue kringsbestaan, van „lemoen-wees,” word sterk na vore gebring deur onder andere die komponis-sanger-speler Luis; maar die legende self kom eers in die derde bedryf op dreef wanneer die Bedelaar die mag aan Marta verleen om enigeen aan haar lemoenboom te bind. Hierdie feit rek die eerste twee bedrywe onnodig lank uit. Ander vertragingfaktore in die eerste gedeelte wat die bou verswak, is die kaskenades en vertellings van die twee seuns, Pedro en Juan, wat geen merkbare uitwerking op die ontwikkeling van die drama het nie. Eweneens is die visser, Pablo, die grootsprakige held van menige geveg, se gesprekke te lank gerek en sonder verdieping van die hooftema.

Die ontwikkeling van die legende vanaf die derde bedryf tot aan die einde van die spel wanneer die Dood weer sy werksaamhede voortsit en die goue kring van lewe en dood weer voltooi word, is heelwat vlotter, met die mistieke inslag oorheersend. 'n Ongelukkige interludium is die toneeltjie waarin Pablo in sy gedagtes met die Vreemdeling worstel, waardeur laasgenoemde van die boom bevry word in teenstelling met die verloop van die verhaal waar hy eers aan die einde deur Marta verlos word.

Ander irrasionele en illogiese voorvalle moet verwag word op die vlak van die legende. Dit dien

eerder om die legende oortuigender voor te stel.

Die krag en hoë verdienste wat uit *Die goue kring* straal, moet hoofsaaklik toegeskrywe word ten eerste aan die supranormale atmosfeer wat deurgaans geskep en gehandhaaf is en ten tweede aan die besonder geslaagde karakterbeelding. Die styl is digterlik: stromende prosa, ritmies, beeldryk, met 'n sprinkelende aanwending van die soepele taal — dit is digterliker as sommige van ons dramas wat in versvorm geskrywe is. Die inhoud is digterlik: Die Dood beweeg in die gestalte van 'n mens (die Vreemdeling) rond in die vissersdorpie Candamar in omstreeks 1580. Hy kom om die arm mandjieweefster, Marta, te haal, maar beweeg eers tussen die mense rond: verskillende karaktertipies wat meesterlik deur Krige geskilder is. Daar is die barmhartige weldoenster en raadgeefster Marta met haar mandjies en haar lemoenbome; die grootpraterige visser Pablo, die „held van Lepanto,” met sy woordespel; sy oënskynlik baas-spelerige, maar tog sagmoedige vrou Violetta; hulle dogter Isabella wat droom oor die liefde, verloof aan Ferdinand wat haar bo alles liefhet ten spyte van die teenstand van sy vader, Miguel, die skraapsugtige gierigaard, maar ook tog weer met innige menslikheid wat op 'n kritieke oomblik tot uiting kom; die tere sprokiesfiguur Soledad; die biskop, waardig en statig, met eg menslike trekke; die Vreemdeling (die Dood) in al sy wisselende stemminge waarin hy onder die mense beweeg; en Luis, die komponis, sanger, ghitaarspeler, die blinde swerweling wat oral en vir almal sy boodskappe van die lewe

oordra: so komponeer hy die *Lied van die lemoen* aan Marta en almal wat lewe; aan die verliefdes die *Lied van die verloofdes*; aan die vrek Miguel die *Lied van die spyker* en aan almal wat juig oor die onmag van die Vreemdeling wat vasgevang is, die *Lied van die lewe*.

Ofskoon die niveau van die legende pragtig gehandhaaf is, deurflits die skrywer die werk met eg menslike situasies, soos geopenbaar veral in die karakters van Marta, die biskop, Violetta (in die beleving van die pyn), Pablo (in sy verskuilde liefdeshouding teenoor sy vrou) en Miguel (in sy verhouding tot Marta).

Die metafisiese inslag oorheers die spel: die Goue Kring van die lewe, die eenheid van die Lewe en die Dood; die mens wat genoeg moet neem met sy menswees, met sy lot versoen wees — „lemoen-wees slegs, lemoen, lemoen, lemoen.” Die hele ontwikkeling van die legende word gedra deur hierdie diepere betekenis wat onopgesmuk aan die leser of die toeskouer oorgedra word en 'n blywende indruk nalaat.

Ten spyte van die kritiek het ons hier 'n besondere bydrae tot ons toneelliteratuur wat allerweë verwelkom moet word. Gelukkig het die uitgewer die werk besonder mooi versorg en van 'n stewige band voorsien, wat die werk 'n duursame, gewaardeerde besitting maak.

M. S. DU BUSON

DIE DAE VAN ONS JARE, 'n klankkoorspel deur Mikro (J. L. van Schaik, Bpk., Pretoria, 1956. Pp. 26; 3s. 6d.)

Die lewe van die mens word in hierdie koorspel (koorsang, koor-

spraak, solosang, voordrag) uitgebeeld in al sy verskillende fasette, waaronder die ydelheid van die mensbestaan, die liefdesgeluk, die vertroosting wat uit arbeid en diens geput word, lewensaanvaarding, en verlange na God waardeur Sy barmhartigheid en heerlikheid geloof word.

Die boustof vir hierdie werk put Mikro hoofsaaklik uit die Bybel — die Boeke Prediker, Hooglied en Psalms; verder uit bekende liedere en die berymde psalms en aangevul deur sy eie oorspronklike bydraes.

Die aanbieding en onderverdeling van die stuk bevredig nie. Mikro noem die afdelings agtereenvolgens: Geboorte- en Skepingslied, Die himne, Psalm 24, Lied van die arbeid en Verlange na God. Dit skep die indruk van willekeurige bouwerk. Daarenteen skep die herhaling van 'n paar sentrale temas die gevoel van eenheid en van beplande komposisie: die tema van die lofsang aan God, van die arbeid waarop God se seën moet rus om vrugte af te werp, van die verganklikheid van die mens, en van sy afhanklikheid van God.

Die aanwysings oor die aanbieding van die stuk laat veel te wense oor. Telkemale word etlike beslissings aan die regisseur oorgelaat om volgens die diskresie te handel. Dit skep die indruk dat die skrywer nie die aanbieding deurworstel het nie en in die hande van onervare regisseurs mag dit tot onoordeelkundige aanbiedinge lei.

Die stuk getuig van 'n diepe lewenskennis, van die nodige piëteit en van 'n grondige kennis van die Bybel. Die ewige waarhede wat deur die skrywer gehuldig word, word sonder oorbeklem-

toning aan die gehoor oorgedra. In die hande van 'n veelsydige regisseur wat die stuk met die nodige agting bejeën, met goeie stemme, met besondere aandag aan groepering, kostumering, beligting en bykomstige musiek kan die koorspel, *Die dae van ons jare*, met welslae as geleentheidstuk by besondere geleentheid uitgevoer word.

Met inagneming van die leemtes wat in die werk aangedui kan word, wil ons dit nogtans van harte verwelkom as 'n bydrae tot iets nuuts in Mikro se oeuvre en as 'n voorloper tot iets groots in die koorspraak-genre in ons letterkunde.

M. S. DU BUSON

DIE REUS VAN DORINGBERG,
deur H. J. Vermaas. (Nasionale Pers, Kaapstad, 1956. Pp. 175. Posvry 11/3.)

Reeds in die eerste twee boeke van hierdie jong skrywer, *Gekrenkte trots* en *Sy perd staan gereed* was daar aanduidings van onmiskenbare talent en 'n fyn opmerkingsgawe. Sy jongste werk *Die Reus van Doringberg* toon 'n belangrike vordering en lewer bewys daarvan dat Vermaas se skryfwerk groot belofte inhou. Wat veral opval in sy jongste roman is sy liefde vir die landelike, sy kennis van diere en sy noukeurige waarneming van die natuur. In die *Reus van Doringberg* het hy stof aangewend wat hy terdeë ken en deurleef het, in 'n omgewing waarin hy hom tuis voel.

Woutertjie is mank na 'n aanval van kinderverlamming. Sy pa gee hom 'n Afrikanerbulkalfie, Doringberg Wouter, present, en Woutertjie raak verknog aan die pragdier. Die eerste dag op skool

teken hy sy kalfie, en met speelyd, as Wouter hom verstote onder die ander kinders voel, wel 'n diep verlange na sy kalfie in hom op. Hy moet die spot van die ander kinders verduur, maar vind troos by Driekus Botha wat ook kreupel is.

Woutertjie moet aanskou hoe sy broer hulle die jong kalwers ry en inspan, en verset hom tevergeefs as die kwaaijongens Doringberg Wouter ook in 'n trollie inspan.

Op die landboutoonstelling aan die Rand verower Doringberg Wouter 'n eerste prys, en Woutertjie spyker met groot trots die pryskaartjie bokant sy afskortings vas. Doringberg Wouter word ook 'n uniale kampioen.

Woutertjie se bestaan draai om Doringberg Wouter. Hy laat sy perd opsaal en besoek sy bul in die veld. „Wouter...? My Wouter...!” Hy lag opgewek. Dan is hy langs die bul en streel sy kop. „My maat! Ek is so lief vir jou... jy weet? Verlang jy na my?”

Doringberg Wouter ontwikkel in 'n pragbul, en selfs Woutertjie se pa, Langjan, wat rasegte Afrikaners teel en sy diere ken, moet eendag vir die eerste keer in sy lewe haastig op die vlug slaan om ternouernood aan die bul se horings te ontkom. „Doringberg Wouter is 'n bedorwe bul. Nou wag daar net die koeël...” Die volk kyk verwagkend na Langjan, wat egter dink aan Woutertjie se liefde vir die diere, en dan besluit „Ek kan hom nie skiet nie.”

Doringberg Wouter speel klaar met Geelbek na 'n langdurige geveg, en voortaan het die kudde 'n nuwe heerser. Maar Doringberg Wouter is astant en humeurig en word in die melkkraal opge-

merk. Hy pyl op Woutertjie se broer, Dirk, af wat net betyds deur Langjan gered word. Ook Langjan moet vinnig padgee. Doringberg Wouter se laaste uur het aangebreek . . .

Woutertjie hol hinkende die veld in, sak in die populierbos neer en kreun „Wouter, Wouter.” Langjan kniel langs sy seun en vertroos hom. Die seun besef dat hy groot geword het — hy is nie meer Woutertjie nie, maar Wouter.

Vermaas bied heelwat aan in hierdie werk — die raak beskrywing van die Afrikanerbeeste, die landboutentoonstelling, die plaasvolk, 'n veevendusie, die gewoontes van allerlei diere, treffende

natuurtonele en die geheimsinnige voël hoep-hoep.

Gebreke in die werk is daar, bv. die slot wat nie heeltemal bevredig nie, en enkele beskrywings wat hinderlik is, bv. „As die laaste skaduwees soos spoke wegsluip, lê die vlaktes en rante in ongerepte suiwerheid.” Maar die paar gebreke doen min skade aan 'n roman wat goed en eerlik geskryf is. Met hierdie werk het Vermaas ongetwyfeld 'n bydrae gelewer tot die werklik goeie in die Afrikaanse letterkunde. Daar kan nog baie van hierdie jong skrywer verwag word.

D. J. COETSEE

A.P.B.



**Tree
die
toekoms
tegemeet . . .
versekerd**

SANLAM

**DIE GROOT AFRIKAANSE
LEWENSVERSEKERINGSMAATSKAPPY**



*Maak U keuse:- VAN RIJN
kurk in wynrooi ongekurk
in olyfgroen en filter in
roomkleurige verpakking.*

Die tegniese vaardigheid van die ou meesters en hulle strewe na die beste leef voort in die vervaardiging van Rembrandt VAN RIJN sigarette.

Dit is gemaak vir diëgene wat liever rook vir genot as bloot uit gewoonte . . . en vir wie prys sekondêr is.

Welke ander sigaret u ookal mag rook, weet ons dat u meer genot uit VAN RIJN sal kry. Koop gerus vandag 'n pakkie VAN RIJN.

Rembrandt VAN RIJN

IN DOSIES: KURK, ONGEKURK EN FILTER DE LUXE — 1/9 VIR 20, 3/11 VIR 50.
Kopiereg VRFA 374